# *HOOFSTUK 5*

*"Die geneuk met `n huwelik is dat geeneen daarvoor opleiding ontvang nie".*

*Philip du Toit*
*(Beeld, 18 Oktober 2006)*

# *HOOFSTUK 5*

# *EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM*

## *5.1 INLEIDING*

Die volgende gedig is geskryf deur 'n minderjarige kind van twaalf wat die egskeiding van haar ouers oor 'n tydperk van twee jaar beleef het. Dit beskryf die nietigwording van die huwelik en die kind se gevoelens baie treffend:

> It starts with a tiny flake of snow
> and then it grows and grows and grows
> and when it's finally grown enough, it explodes.
> Have you ever seen a snowball grow small?
> It doesn't, it just melts into nothing at all
> and when it's gone
> and love goes too
> there's nothing left for you
> and when it's gone the love's gone forever,
> there's nothing in this world for me
> (Pritchard, 1998: 18-19).

Die belang van egskeiding as fenomeen vir hierdie studie is naamlik die implikasie wat egskeiding vir die minderjarige kind(ers) in die huwelik inhou. Soos in hoofstuk 4 na verwys, het die minderjarige kind bepaalde behoeftes wat by die bepaling van die kind se toekomstige bedeling na ontbinding van die ouers se huwelik in ag geneem behoort te word. Die statistiek aangaande die voorkoms van egskeiding en die getal minderjarige kinders wat betrokke is, is 'n sterk aanduiding dat die verskynsel van egskeiding 'n aktuele maatskaplike probleem is. Minderjarige kinders is betrokke in ongeveer die helfte van alle egskeidings wat plaasvind en die gemiddelde aantal kinders per egskeidende gesin word op twee bereken (Coltrane & Collins, 2001: 526). Die gemiddelde persentasie egskeidings per jaar in die meeste geïndustrialiseerde lande word op tussen 40-50% gestel, wat dus beteken dat ongeveer 20-25% van die minderjarige kinders per jaar in hulle ouers se egskeiding betrek word (Benokraitis, 1999: 430; McKay et al., 1999: 1; Glasser, 2003: 108; Benokraitis, 2005: 425).

Die huwelik word in die Westerse konteks tradisioneel beskryf as ’n wetlike lewenslange vrywillige vereniging tussen een man en een vrou met die uitsluiting van ander persone (Cronje & Heaton, 1999b: 21; Sinclair, 1999b: 164). Hierdie beskouing word ondersteun deur die huweliksformulier wat by kerklike huweliksbevestigings gebruik word en waarin die egpaar hulle lewenslank verbind “till death do us part” (Gereformeerde Kerk, SA, 2001: 152; Methodist Conference, 1992: E9). Die voorskrifte waardeur die wettiging van ’n huwelik gereglementeer word, berus dus op die beginsel van konsensus tussen die partye (Cronje & Heaton, 1999b: 21; Sinclair, 1999b: 164) en wedersydse liefde (Gereformeerde Kerk, 2001: 152; Methodist Conference, 1992: E4). Dit beklemtoon ’n idilliese ewigdurende verbintenis tussen die twee persone met die bedoeling om met tyd te verbeter. Die realiteit wys egter dat die verbintenis tussen mens en mens, soos in die huwelik, ’n verdere komponent meebring, naamlik die aard van die wedersydse interaksie tussen hierdie twee persone. Hierdie interaksie betrek die twee individue as subsisteme asook die patrone van funksionering soos in hulle elkeen se oorspronklike gesinsisteem gevorm wat nou in die verhouding tussen hulle tot uiting kom.

Die verhoogde lewensverwagting van die mens wat deur tegnologiese ontwikkeling ingetree het, bring verder mee dat huwelikspartye in die huidige tydsbedeling gemiddeld vir twintig jaar langer in ’n huweliksverbintenis is as wat ’n eeu en meer gelede die geval was (Saxton, 1996: 390; Pryor & Trinder, 2004: 324). Die realiteit van die hoër lewensverwagting van die mens bring dus onder andere veranderde maatskaplike omstandighede vir die huwelik mee deurdat huweliksmaats baie langer met die huwelik gekonfronteer word.

Die huwelik skep ’n *consortium omnis vitae*, ’n gemeenskaplike lewe tussen die twee gades (Sinclair, 1999b: 172; Cronje & Heaton, 2004a: 49). Dit verwys na die toedeling van bepaalde regte, verpligtinge en voordele aan beide individue op grond van die huweliksbevestiging tussen hulle. Hierdie konsortium sluit die totaliteit van die aspekte van liefde, toegeneentheid, gemak, wedersydse take, seksuele gemeenskap en kameraadskap tussen die egpaar in (Sinclair, 1999b: 172; Cronje & Heaton, 2004a: 50). Dit impliseer dus ’n span tussen die egpaar wat op die beginsel van samewerking berus. Die privaatreg erken tans die vennootskapsbeginsel in die huwelik en gaan van die veronderstelling uit dat die individue as egpaar gelyke status binne die huwelik geniet (Sinclair, 1999b: 163-164).

Die gemeenskaplike lewe tussen die twee individue in 'n huwelik kan egter deur geen wet of reg afgedwing en beskerm word nie. Een van die individue in die egpaarsisteem kan die ontbinding van die huwelik versoek indien 'n gebrek aan aspekte van die konsortium die normale voortgang van die huweliksverbintenis belemmer. Indien die konsortium bedreig word, dien egskeiding as opsie derhalwe as indirekte beskermingsmaatreël tot instandhouding van die huwelik (Sinclair, 1999b: 173; Cronje & Heaton, 2004a: 50). Die ironie van hierdie feit en die realiteit van verandering as 'n konstante gegewe in die menslike bestaan word soos volg deur Furstenberg en Spanier (in Morgan & Scanzoni, 1987: 1-2) beskryf:

> In a matter of a few decades we have replaced a set of rules requiring that people remain married even when they retained little or no emotional attachment to one another with one that virtually requires them to relinquish their relationship if they are not deeply emotionally involved.

Persoonlike individuele geluk begin in toenemende mate die verbintenis van 'n individu in 'n verhouding bepaal. Die norm van persoonlike geluk het 'n aanvaarde ingesteldheid in die gemeenskap geword en die rigtinggewende etiese kode in die huidige leeftydperk is naamlik die reg van die individu tot die vryheid en outonomie om sy lewe te verander ten einde gelukkig te kan wees (McKay et al., 1999: 1; Lauer & Lauer, 2006: 359). Die kompleksiteit van die huweliksverbintenis en die ontbinding daarvan kan met 'n verstrengelde knoop vergelyk word. Regsdrade, emosionele drade, fisieke, sosiale en finansiële drade word alles in die vorming van hierdie huweliksknoop byeengevoeg. Die ontknoping daarvan deur middel van egskeiding kan dus selfs meer ingewikkeld wees, "leaving many loose ends with which one must deal" (Ponzetti & Cate, 1988: 1). Egskeiding is 'n ingewikkelde interaksieproses wat 'n intense invloed op die emosionele leefwêreld van al die betrokke persone uitoefen. Die gevolge kan wissel van angswekkende, verbysterende, onhanteerbare emosionele belewenisse tot gevoelens van groot verligting en euforie (Ponzetti & Cate, 1988: 2; McKay et al., 1999: 11).

Die omvang van die verskynsel van egskeiding word weergegee deur die feite in die literatuur asook die verskeidenheid en hoeveelheid literatuur wat beskikbaar is. Hierdie hoofstuk gaan dus fokus op (1) die konseptualisering van egskeiding as maatskaplike probleem; (2) die voorkoms van egskeiding, globaal asook nasionaal; (3) die egskeidingsproses deur die fases van be-

sluitneming, ontbinding en herstel; (4) die sistemiese impak van egskeiding op die subsisteme van individu, gesin en gemeenskapsisteem; met (5) 'n samevattende afsluiting.

## *5.2 KONSEPTUALISERING VAN EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM*

In hoofstuk drie en vier is die sistemiese verband van die gesin as maatskaplike instelling en die behoeftes van die minderjarige kind as subsisteem in die gesin bespreek. Die realiteit van die komplekse interverwantskap tussen lede van die gesin is uitgespel en die sistemiese invloed van individuele lede op mekaar en die gesin het duidelik na vore gekom.

Die vraag kan dus ontstaan in watter mate egskeiding as gesinsprobleem ook as 'n maatskaplike probleem beskou kan word. Vervolgens sal egskeiding as konsep beskryf word ten einde 'n gemeenskaplike basis vir die beskouing van die vraagstuk te bied. 'n Bespreking van die konsep "maatskaplike probleem" volg daarna ten einde egskeiding as maatskaplike probleem te identifiseer.

### *5.2.1 Egskeiding as konsep*

Die implikasie van die juridiese ingrype van egskeiding op 'n huwelik is ingestel as dreigement tot die beëindiging van 'n huwelik met die doel om die huweliksband te behou (Cronje & Heaton, 1999b: 59; Sinclair, 1999b: 173). Die tendens binne die huidige gemeenskapsisteem dui egter op die teendeel, naamlik dat egskeiding as 'n uitkoms beskou word wanneer die individu as subsisteem bedreig voel of die gesamentlike huwelikslewe nie meer bevredigend is na een of beide partye se behoeftes en verwagtinge nie (McKay et al., 1999: 1-2; Lauer & Lauer, 2006: 359).

Hiemstra en Gonin (1984: 44) beskryf egskeiding as die skei van die partye of die ontbinding van die huwelik.

Ponzetti en Cate (1987: 2) verduidelik egskeiding aan die hand van die proses wat betrokke is: "Marital dissolution involves the social, emotional, and legal process through which former spouses move from marriage to another

lifestyle; that is to say, divorce is not a single event that occurs at one point in time."

"Divorce, like marriage, is a legal condition. It involves one in the complexities of courts and lawyers" (Coltrane & Collins, 2001: 514).

Pierson en Thomas (2002: 148) omskryf egskeiding as "the legally dissolution of a marriage, often preceded by a period of separation that may also be legally ratified".

Benokraitis (2005: 427) beskryf egskeiding as die "… legal and formal dissolution of a marriage …"

Die begrip "egskeiding" verwys dus in die algemeen na die wettige, formele ontbinding van die eg of huwelik. Definiëring van die konsep "egskeiding" is 'n akademiese oefening met 'n kliniese betekenis wat meestal slegs die regtelike implikasie uitspel. Die verskeie dimensies van die persoonlike belewenis en impak van die juridiese bevel van egskeiding word nie in die meeste definisies vasgevang nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word volstaan met die beskrywing van die konsep "egskeiding" as die proses van emosionele, fisieke en wetlike ontbinding van die huweliksverbintenis tussen twee bepaalde individue wat verreikende sistemiese implikasies vir al die betrokke subsisteme inhou.

Ten einde egskeiding as maatskaplike probleem te konseptualiseer word onderskeid getref tussen 'n persoonlike en maatskaplike probleem. Die vraag kan ontstaan oor waarom wetenskaplike navorsing na egskeiding belangrik of nodig geag word indien dit as probleem slegs sekere individue en hulle gesinsisteme betrek. Lauer en Lauer (2006: 5) beklemtoon die beskouing van 'n vraagstuk as 'n persoonlike of maatskaplike probleem kan tot die identifisering van verskillende oorsake en implikasies lei. Die algemene perspektief tot die oorsake, implikasies en toepaslike hanteringswyses van 'n vraagstuk verander en verbreed dus indien dit binne die konteks van 'n gemeenskapsprobleem beskou word (Lauer & Lauer, 2006: 4).

Uitklaring van die terme "maatskaplike" en "persoonlike probleem" volg hierna met die doel om die egskeidingsvraagstuk binne die verwysingsraamwerk van 'n gemeenskapsprobleem te plaas.

### *5.2.2 Egskeiding as maatskaplike probleem*

Die besluit of 'n vraagstuk 'n maatskaplike probleem is of nie, kan vergemaklik word deur te onderskei tussen probleme wat individue slegs persoonlik beïnvloed en probleme wat 'n totale gemeenskap betrek (Lopata, 1984 in Sullivan & Thompson, 1994: 5). So word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat misdaad 'n maatskaplike probleem is terwyl daar gedebatteer word oor die aard van pornografie as vraagstuk (Sullivan & Thompson, 1994: 5).

#### 5.2.2.1 Maatskaplike probleem as konsep

Lauer en Lauer (2006: 4) beskryf 'n maatskaplike probleem as 'n vraagstuk waarvan die oorsake en oplossings buite die individuele sisteem en onmiddellike omgewing gevind kan word. Mills, soos aangehaal in Sullivan en Thomas (1994: 5), onderskei maatskaplike probleme as openbare vraagstukke wat 'n impak op die lewe van groot getalle mense het. Dit is sake wat openbare bespreking en kollektiewe oplossings benodig (Lauer & Lauer, 2006: 4). 'n Maatskaplike probleem kan dus omskryf word as 'n toestand wat voorkom waardeur (1) die waardesisteem van 'n beduidende groep bedreig word; (2) 'n groot getal mense beïnvloed word; en (3) die toestand deur kollektiewe optrede beredder kan word (Sullivan & Thompson, 1994: 6; Lauer & Lauer, 2006: 4). Wanneer die ontbinding van groot getalle huwelike derhalwe in die gemeenskapsisteem voorkom, waardeur die toekoms van duisende kinders geraak word, word die waardesisteem van 'n hele gemeenskap beïnvloed (Saxton, 1996: 416). Dit vereis dus remediërende aksie en 'n ondersoek na die oorsake, implikasies en oplossings behoort ook buite die individuele sisteme binne die groter gemeenskapsisteem geloods te word ten einde regstelling van die toestand te bewerkstellig (Lauer & Lauer, 2006: 4). Sullivan en Thompson (1994: 6) som die identifisering van 'n maatskaplike probleem soos volg op: "… social problems are fundamentally social … because their causes and their solutions have something to do with the workings of society. Social problems may have an impact on individuals, but their roots are found in social life."

#### 5.2.2.2 Persoonlike probleem as konsep

Persoonlike probleme kan beskryf word as daardie vraagstukke waarvan die

oorsprong en oplossing binne die individu as subsisteem in interaksie met die omgewing geleë is (Lauer & Lauer, 2006: 4). Sullivan en Thomas (1994: 5) verwys na persoonlike probleme as "personal troubles" wat die individu as subsisteem binne die onmiddellike omgewing beïnvloed. Die ontbinding van 'n huwelik weens individuele geskille tussen die man en vrou, bring die egskeiding vir die besondere gesinsisteem binne die kader van persoonlike probleme, aangesien die oorsaak en oplossing vir hulle probleem ook binne die individuele subsisteme gevind kan word. Wanneer die egskeiding van een gesin egter 'n verdere enkelouer-gesin en 'n lewe van finansiële nood en ontwrigting vir nog minderjarige kinders by die statistiek voeg, word die persoonlike probleem van een gesinsisteem deel van die groter maatskaplike perspektief op egskeiding.

#### 5.2.2.3 Samevattend

Die voorkoms van egskeiding in verskeie gemeenskappe wêreldwyd bring mee dat daar waarskynlik reeds sprake is van 'n internasionale maatskaplike probleem. In die Westerse meer geïndustrialiseerde gemeenskappe word feitlik elke tweede huwelik deur egskeiding ontbind. Groot getalle minderjarige kinders word daardeur beïnvloed en die huwelik as instelling word bevraagteken (Benokraitis, 2005: 432; Lauer & Lauer, 2006: 4). Die oorsake van egskeiding asook die invloed van die vraagstuk op die gemeenskapslewe blyk universeel te wees en plaas egskeiding dus sonder twyfel binne die kader van maatskaplike problematiek (Benokraitis, 2005: 432).

Dit is die navorser se mening dat egskeiding as probleem binne die kader van persoonlike sowel as maatskaplike vraagstukke val. Die verskynsel is egter van sodanige omvang en die implikasies daarvan sistemies só verreikend, met besondere implikasies vir die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem, dat egskeiding vir die doeleindes van hierdie studie binne die konteks van maatskaplike problematiek beskou word.

Ten einde hierdie standpunt verder toe te lig word die voorkoms van egskeiding as maatskaplike vraagstuk bespreek. Aandag word eerstens aan die historiese konteks van egskeiding gewy. Daarna word die internasionale voorkoms van egskeiding toegelig, naamlik soos dit in die geïndustrialiseerde gemeenskappe van die VSA, Kanada, Brittanje en Australië ondervind word. Die internasionale beskouing van die voorkoms van egskeiding word opgevolg deur 'n bespreking van egskeiding binne die Suid-Afrikaanse konteks.

## *5.3 VOORKOMS VAN EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM*

Die verandering in openbare mening en wetgewing wat sedert die negentiende eeu met betrekking tot egskeiding ingetree het, het meegebring dat egskeiding maklik in die meeste Westerse gemeenskappe in die 21ste eeu verkry word (Cherlin, 2002: 417).

Daar word drie historiese eras in die ontwikkeling van egskeiding as maatskaplike probleem onderskei, naamlik (1) die era van beperkte egskeiding; (2) die era van verdraagsaamheid ten opsigte van egskeiding; en (3) die era van onbeperkte egskeiding (Cherlin, 2002: 418-422).

### *5.3.1 Historiese konteks van egskeiding as maatskaplike probleem*

#### 5.3.1.1 Die era van beperkte egskeiding

Hierdie era verwys na die tydperk vanaf die eerste geskiedkundige inligting aangaande egskeiding tot ongeveer 1850. Gedurende hierdie era was dit baie moeilik om 'n wettige egskeiding in enige Westerse gemeenskap te bekom. Egskeidingswette was gereguleer deur die besondere land se bepaalde religieuse geloof. In lande waar die Rooms-Katolieke geloof gevolg is, was egskeiding verbied behalwe in gevalle waar die kerkamptenare 'n huwelik nietig verklaar het. Lande wat die Protestantse geloof aangehang het, was meer liberaal en egskeiding is op grond van owerspel en verlating toegestaan, en soms ook weens uiterste geweld deur die man. Egskeiding was buitengewoon en is hoofsaaklik aan die man toegestaan. Egskeiding was nie toeganklik vir 'n vrou of persone sonder grondbesit of armes nie (Cherlin, 2002: 418).

#### 5.3.1.2 Die era van verdraagsaamheid teenoor egskeiding

Die tweede era verwys na die tydperk vanaf ongeveer die middel van die negentiende eeu, naamlik 1850-1870, tot om en by die laat middel van die twintigste eeu, naamlik 1970. Hierdie era word gekenmerk deur meer verdraagsaamheid met betrekking tot egskeiding as verskynsel. Erkenning is verleen aan die vrou se huishoudelike rol en wetgewers en howe het meer

simpatie teenoor die vrou ontwikkel waar die man afkeurenswaardige gedrag openbaar het. Gronde vir egskeiding is uitgebrei en gedrag soos gewoontedronkenskap, gebrekkige voorsiening vir die vrou asook "mental cruelty" is bygevoeg. Hierdie groter toegeneentheid ten opsigte van die posisie van die vrou in die huwelik het egskeiding meer toeganklik vir die vrou gemaak (Cherlin, 2002: 420).

Die beskouing van die huwelik het volgens Cherlin (2002: 420-421) gedurende hierdie era verander. Die huwelik was voorheen beskou as 'n ekonomiese samewerkingsooreenkoms met die doel om te oorleef. Hierdie siening het begin verander en die huwelik is geleidelik meer as 'n emosionele vennootskap beskou. Dit is dus nie meer as 'n instelling gesien nie, maar eerder 'n kameraadskap (Pryor & Trinder, 2004: 324). Die aanvaarding van sodanige verandering in die gemeenskapslewe het meegebring dat 'n gebrek aan die belewing van liefde en kameraadskap in die huwelik as voldoende gronde vir 'n egskeiding beskou is. Egskeiding het dus verander vanaf 'n rariteit in die vorige era, wat hoofsaaklik vir die man beskikbaar was, tot 'n meer algemene verskynsel met groter toeganklikheid vir die vrou (Saxton, 1996: 416; Cherlin, 2002: 421).

Teen die laat middel van die twintigste eeu, naamlik 1960, het die egskeidingsyfer ernstig begin styg. Die toestaan van 'n egskeiding het berus op die bewys van oorsaak vir gronde tot egskeiding by een van die egpaar, met ander woorde daar moes bewys gelewer word van owerspel, verlating, gebrekkige versorging of geestesongesteldheid. Dit het daartoe gelei dat die individue dikwels oor "skynbewyse" ooreengekom het ten einde die egskeiding te bekom. Hierdie situasie het die sentiment vir eliminering van die bewys van fout by een van die egpaar laat ontwikkel (Cherlin, 2002: 421).

### 5.3.1.3 Die era van onbeperkte egskeiding

Die eerste wetgewing om bewys van fout by een van die egpaar ten einde 'n egskeiding te bekom te elimineer, is deur die staat Kalifornië in die VSA in 1970 ingestel. Daarmee is die era van die sogenaamde "no fault"- of skuldelose wetgewing vir egskeiding ingelei wat sedert die einde van 1980 in die meeste Westerse lande toegepas word. Dit beteken 'n egskeiding word bloot op grond van die onherstelbaarheid van die huwelik weens verskille tussen die egpaar toegestaan. Daarby kan enige van die partye in 'n huwelik 'n egskeiding sonder die instemming van die ander party bekom (Cherlin, 2002:

416). Hierdie era kenmerk dus die verandering van die kameraadskap-huwelik na die onafhanklike huwelik. Sodanige perspektief op die huwelik reflekteer die siening in die gemeenskap dat geen persoon gedwing behoort te word om in ’n huwelik te bly wat hy of sy persoonlik onaanvaarbaar vind nie (Saxton, 1996: 416-417; Cherlin, 2002: 422-423).

Egskeiding het dus ontwikkel vanaf ’n baie beperkte verskynsel wat slegs vir bevoorregte mans toeganklik was na ’n wyse waardeur die gemiddelde getroude persoon sy of haar belewenis van eie lewenswelstand kan bevorder. Cherlin (2002: 423) som dit soos volg op: “In the most liberal no-fault states and nations, it had become something close to an individual right.”

Die aandag word voorts aan die bespreking van die voorkoms van egskeiding in die internasionale en daarna die nasionale konteks gewy.

### *5.3.2 Internasionale voorkoms van egskeiding*

Die mate waarin egskeiding in verskeie gemeenskappe voorkom, ondersteun die universele karakter van die probleem en kan pogings tot kollektiewe oplossings oor ’n breë spektrum bevorder. Die gemeenskappe waar egskeiding as verskynsel waargeneem word en wat vervolgens bespreek word, is eerstens die VSA, daarna Kanada, Brittanje en Suid-Afrika. Hierdie lande verteenwoordig ’n geïndustrialiseerde gemeenskap met ’n individualistiese tipe kultuur en ’n hoë egskeidingsyfer in teenstelling met gemeenskappe waar ’n kollektivistiese kultuur, met ander woorde waar die groep se welsyn belangriker is as dié van die individu, en ’n laer egskeidingsyfer voorkom, soos China, Indië en Brasilië (Pryor & Trinder, 2004: 325; Benokraitis, 2005: 432; Lauer & Lauer, 2006: 351;). Daar is egter reeds aanduidings van ’n styging in die egskeidingsyfer in stedelike gebiede van China, soos Beijing, maar navorsing en literatuur in die verband is nog beperk (Benokraitis, 2005: 432). Die genoemde Westerse lande handhaaf ook elk die “no fault”-egskeidingswetgewing.

### 5.3.2.1 Voorkoms van egskeiding in die VSA

“Each year more than one million marriages in the United States are dissolved in divorce court” (Winner, 1996: xvii).

Statistiek aangaande die egskeidingsyfer in die VSA begin in 1860 wanneer twee uit elke 1 000 getroude pare egskeiding verkry het, terwyl dit teen die einde van die twintigste eeu op ’n gemiddeld van negentien tot twintig uit elke 1 000 pare bereken is. Teen die middel van die 1970’s was die egskeidingsyfer in die VSA die hoogste in die Westerse samelewings (Lauer, 1998: 461). Die egskeidingsyfer in die VSA het gedurende die 1980’s ’n hoogtepunt bereik van gemiddeld 22 egskeidings per 1 000 huwelikspare (Sullivan & Thompson, 1994: 85-86; Cherlin, 2002: 420-421; Benokraitis, 2005: 427; Lauer & Lauer, 2006: 349).

Thwing en Thwing (in Benokraitis, 2005: 427) het reeds in 1887 hulle kommer uitgespreek oor die styging in die egskeidingsyfer in die VSA sedert 1830. Benokraitis (2005: 427) is egter van mening dat hierdie syfers die eerste aanduiding van wettige egskeidings was terwyl huwelike voorheen na alle waarskynlikheid in verlating of skeiding uitgeloop het sonder enige wettige erkenning daarvan.

Die egskeidingsyfer in die VSA het gedurende die twintigste eeu geleidelik gestyg – vanaf 1960 tot 1980 is ’n aansienlike verhoging getoon – maar sedert die 1980’s het dit ’n plato bereik. Die huidige egskeidingsyfer is laer as tussen die jare 1975 tot 1990, maar hierdie daling kan vermoedelik gekoppel word aan die verhoogde patroon van saamleef-gesinstipes wat net ’n verbintenis verbreek en dus nie skei nie (Glenn, 2001 in Benokraitis, 2005: 428).

’n Verdere aspek van belang in die voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem in die VSA is die groot persentasie geskeide persone wat ’n tweede of selfs derde en meer huwelike aangaan terwyl die egskeidingsyfer vir hierdie groep hoër is as vir eerste huwelike (Sullivan & Thompson, 1994: 86; Lauer, 1998: 461). Sullivan en Thompson (1994: 87) verwys na hierdie verskynsel as die voorkoms van “serial monogamy” in die huwelik as instelling in die VSA.

Egskeiding is ’n belangrike faktor in die voorkoms van enkelouer-gesinne sowel as die vorming van hersaamgestelde gesinne (Sullivan & Thompson, 1994: 89; Curran & Renzetti, 1996: 212; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 8; Lauer, 1998: 461). Die gesinsisteem binne die Amerikaanse gemeenskapsisteem ondervind dus ernstige veranderinge weens die hoë voorkoms van egskeiding en die neiging van geskeide persone om ’n tweede of meer huwelike aan te gaan.

Die huidige voorkoms van egskeiding in die VSA dui op 'n koers van net onder 50%, wat beteken dat byna die helfte van die huwelike wat gesluit word waarskynlik in egskeiding sal eindig (Saxton, 1996: 425-426; Baron & Byrne, 2000: 148; Benokraitis, 2005: 425). Die gemiddelde duur van 'n huwelik in die VSA word op 6,8 jaar bereken (Saxton, 1996: 427; McKay et al., 1999: 1). Teen 1999 het dertien miljoen kinders 'n gesinskeiding beleef en teen 2000 het byna die helfte van 13,5 miljoen ouers, met die bewaringsgesag vir minderjarige kinders, geen onderhoudsbevel ten opsigte van die kinders se versorging ontvang nie (McKay et al., 1999: 1; Benokraitis, 2005: 425). Cherlin (2002: 417) vestig die aandag soos volg op die langtermyninvloed van die skep van saamleef- en stief- of hersaamgestelde gesinsisteme vir die minderjarige kind: "It can bring a bewildering network of quasi relatives that extends over several households." Daar word bereken dat byna die helfte van die kinders uit hersaamgestelde gesinsisteme voor die ouderdom van agtien jaar 'n tweede egskeiding van 'n ouersisteem kan beleef (Bumpass, 1984 in Cherlin, 2002: 417).

Binne die konteks van sodanige gegewens blyk die omvang en intensiteit van egskeiding as vraagstuk in die VSA sonder twyfel 'n ernstige maatskaplike probleem te wees.

Gegewens uit Kanada sal voorts beskou word ten einde die voorkoms van egskeiding as verskynsel in dié samelewing weer te gee.

### 5.3.2.2 Voorkoms van egskeiding in Kanada

In 1968 is die eerste federale egskeidingswetgewing in Kanada deurgevoer en die voorkoms van egskeiding as verskynsel het daarna geleidelik begin toeneem (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). Nadat die "no fault"-beginsel vanaf 1985 in Kanada se egskeidingswet geïnkorporeer is, het die voorkoms van egskeiding drasties van 8% in 1968 tot 44% in 1987 toegeneem (Snow, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). 'n Konstante styging in die totale egskeidingsyfer vir Kanada word sedert 1997 gerapporteer. Teen 1998 was die getal egskeidings vir Kanada bereken op 69 088, in 1999 was die getal 70 910 en teen 2000 'n totaal van 71 144 (Pearce, in *The Globe & Mail*, Oktober 2003: F6).

Die hoë voorkoms van egskeiding as fenomeen in Kanada impliseer verandering in 'n groot getal kinders se lewe. Die Kanadese *Special Joint Committee on Child Custody and Access* (1998: 3) bevestig omvattende verandering in die voorkoms van die gesin in Kanada in dié mate dat met die laaste sensusopname in 1996 slegs 45% van alle gesinne uit die kerngesinsamestelling bestaan het, naamlik 'n gesin met twee getroude ouers met afhanklike kinders. Die ander 55% gesinne het ander gesinsvorme aangeneem waarvan 29% hiervan enkelouer-gesinne was terwyl 15% van alle kinders onder die ouderdom van sewentien jaar in enkelouer-gesinne met die moeder as hoof en 2% met die vader as hoof gewoon het (Sturrock, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). Uit die statistiese gegewens van 1998 woon 86% van geskeide gesinne se kinders na die egskeiding by die moeder, terwyl 7% by die vader woon, 6% in gesamentlike bewaring van beide ouers en die oorblywende 1% kinders in ander vorme van bewaring (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4).

'n Verdere verandering in die gesinslewe wat waargeneem word, is die feit dat kinders op jonger ouderdomme aan egskeiding in die gesin blootgestel word. Sedert ongeveer 1984 tot 1998 het die gemiddelde ouderdom waarop een uit elke vyf kinders egskeiding van die ouers beleef van ouderdom sestien tot vyf verlaag (Clermont, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4).

Die impak wat bogenoemde verandering weens egskeiding op die gesinsamestelling in Kanada het en veral die impak op die ontwikkeling van die jong kind, is 'n bron van kommer en vereis ernstige pogings tot navorsing ten einde oplossings te vind vir die probleme wat weens egskeiding ontstaan (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4). Dit wil na die navorser se mening voorkom of dit by uitstek die klein en jong kind is wat in 'n al hoe groter mate die slagoffer van egskeiding word.

Die voorkoms van egskeiding in Brittanje sal vervolgens bespreek word ten einde die omvang van egskeiding as verskynsel asook die implikasies daarvan binne die perspektief van 'n maatskaplike probleem te beskou.

#### 5.3.2.3 Die voorkoms van egskeiding in Brittanje

"… over one quarter of the babies born in the UK today are likely to experience parental separation before they reach school leaving age" (Herbert, 1997b: 2).

Die huidige tendens is 'n egskeiding vir een uit elke drie eerste huwelike en die waarskynlikheid van 'n neiging dubbel so hoog vir tweede huwelike (Pierson & Thomas, 2002: 148). Die implikasie vir kinders is dat een uit elke twintig kinders teen die ouderdom van vyf 'n egskeiding in die gesin beleef en een uit elke vyf kinders teen ouderdom van sestien (Pierson & Thomas, 2002: 148). Dit blyk dat die aantal minderjarige kinders onder die ouderdom van sestien wat in hulle ouers se egskeiding betrokke is min of meer dieselfde is as die totale aantal egskeidings per jaar. In 1981 was die totale egskeidings 145 713 en die kinders betrokke 159 403; in 1991 was die getalle onderskeidelik 158 745 egskeidings en 160 684 kinders; in 2001 was die egskeidings 143 818 en die kinders 146 914; in 2003 was daar 153 490 egskeidings en 153 527 kinders betrokke; en in 2005 was die getal egskeidings 141 750 teenoor 136 332 kinders betrokke (National Statistics UK, Februarie 2007)

Enkelouer-gesinne met afhanklike kinders vorm bykans 20% van alle gesinne en dit beteken dat byna twee miljoen kinders in 'n enkelouer-gesin grootword (Pierson & Thomas, 2002: 258). Onderhoudsgeld as 'n bron van inkomste vorm slegs 7% van die gemiddelde inkomste van 'n enkelouer-gesin ten spyte van die regering se pogings om dit te verbeter (Pierson & Thomas, 2002: 258).

Regerings-, welsyn- en religieuse instansies se kommer aangaande die hoë en stygende voorkoms van egskeiding het tot die instelling van die Family Law Act 1996 gelei waardeur die konsep van "fault" in egskeiding uit die wetboek verwyder is (Pierson & Thomas, 2002: 149).

In die algemeen het die sosiale stigma teen egskeiding grootliks verminder en alternatiewe gesinsvorme wat ontstaan, word as deel van die kompleksiteit van die gesinslewe erken. Die finansiële dilemma wat na egskeiding veral ontstaan by enkelouer-gesinne waar die moeder die hoof is, vereis ernstige besinning, aangesien 'n groot persentasie kinders wat in armoede verkeer deel van hierdie tipe gesin is (Pierson & Thomas, 2002: 259).

Uit bogenoemde inligting blyk dit dus dat egskeiding as vraagstuk vir Brittanje, soos in die VSA en Kanada, ernstige maatskaplike implikasies soos verarming en die ontwikkeling van 'n geslag kinders in enkelouer-gesinne meebring.

Na die bespreking met betrekking tot die voorkoms van egskeiding as maatskaplike vraagstuk in internasionale verband, en wel in die VSA, Kanada en Brittanje, word die aandag voorts op die Suid-Afrikaanse konteks gevestig. Die voorkoms van egskeiding as verskynsel in Suid-Afrika word bespreek ten einde die universele karakter van die verskynsel as maatskaplike vraagstuk te beskou.

### *5.3.3 Die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika*

"An alarming number of divorces are finalized every year in South Africa, and an even more disturbing number of children are affected by these divorces" (Glasser, 2003: 108).

In die Suid-Afrikaanse konteks blyk die volgende inligting aangaande die voorkoms van egskeiding en die aantal minderjarige kinders wat deur die verskynsel geraak word volgens die jongste statistiese gegewens: In 1978 was die totale getal egskeidings 13 332 en minderjarige kinders 18 236; in 1988 was die egskeidings in totaal 24 590 en minderjarige kinders 32 524; en in 1998 was die getal egskeidings 35 792 en die getal minderjarige kinders betrokke 45 123 (Statistiek Suid Afrika, 1998 & 2001). In 2003 was die totale egskeidings 31 566, wat 'n 0,6%-toename teenoor 2002 toon, met 33 424 minderjarige kinders betrokke, wat 'n klein afname teenoor 2002 se getal is (Statistics South Africa, 2003: viii-x). Daar is 'n toename in die getal egskeidings in 2004 met 'n totaal van 31 768 en 'n kleiner getal minderjarige kinders betrokke, naamlik 29 597 (Statistics South Africa, 2004: 1-2). In 2005 was daar 'n verdere toename in die getal egskeidings, naamlik 32 484 asook 'n toename in die getal minderjarige kinders betrokke, naamlik 32 394 (Statistics South Africa, 2005: 3-4). Dit blyk dus dat die getal minderjarige kinders wat per jaar in die egskeiding van ouers betrokke is ook in Suid-Afrika min of meer gelyk is aan die totale getal egskeidings wat voorkom. Daar is dus byna sprake van een minderjarige kind per gesin wat skei.

Die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika, soos die feite hierbo aandui, toon steeds 'n stygende tendens in die getal gefinaliseerde egskeidings per

jaar asook die aantal kinders wat by hierdie verskynsel betrokke is. Die grootste aantal egskeidings in Suid-Afrika kom voor in huwelike wat tussen vyf tot nege jaar duur en egpare wat tussen 35 tot 39 jaar oud is (Statistics South Africa, 2005:3). Die grootste getal minderjarige kinders in egskeiding betrokke, word ook in die huweliksduurte-groep van vyf tot nege jaar gevind wat beteken dat die kinders baie jonk is (Statistics South Africa, 2005: 39).

Glasser (2003: 108) stel die effek van die bogenoemde gegewens soos volg:

> The traumatic effect of divorce on children is both profound and lasting. Not only does it impact on the immediate emotional and social lives of children, but it also very often impacts on their own relationships when adult, thus generating cycles of divorce down the generations.

Die waarskynlikheid van die ontstaan van ’n spiraal van egskeidings deur die geslagte heen is sterk, gesien in die lig van die impak van egskeiding op die kind se emosionele en maatskaplike lewe wat die vorming van persoonlike verhoudings beïnvloed.

Egskeiding as verskynsel word dus ook in Suid-Afrika sonder twyfel as ’n maatskaplike probleem geïdentifiseer.

### *5.3.4 Samevatting*

Dit blyk uit die bespreking van die inligting aangaande egskeiding as verskynsel in verskeie lande dat die tendens in Suid-Afrika met die patroon van voorkoms in onder andere die VSA, Kanada en Brittanje ooreenstem.

Egskeiding as verskynsel is reeds in 1994 deur Van Westing (1994: 22) as ’n “wêreldtendens” beskryf in die bespreking van gegewens soos van toepassing op Engeland, Nederland, Duitsland asook Suid-Afrika. Richards (1991, in Van Westing, 1994: 22) verklaar dat die stygende egskeidingsyfer gekoppel word aan die toename in hertroues en bevestig dat die getal egskeidings van tweede huwelike selfs hoër is, veral waar minderjarige kinders betrokke is.

’n Studie van 27 lande het aangetoon dat die egskeidingsyfer in 25 van die lande tussen 1950 en 1985 gestyg het terwyl die huwelikskoers in 22 van die

lande gedaal het (Benokraitis, 2005: 432). In die geïndustrialiseerde lande word hoë egskeidingsyfers in Kanada, Brittanje, Swede en Frankryk gerapporteer terwyl Rusland as ontwikkelde land die hoogste egskeidingsyfer toon (Benokraitis, 2005: 432). Een van die redes wat aangevoer word vir die internasionale tendens van stygende egskeidingsyfers is naamlik die losmaking van die wetgewing insake egskeiding van die bewyslas van skuld by een van die partye sedert die sogenaamde "no fault"-wetgewing in 1970 aanvaar is (Benokraitis, 2005: 432). Selfs China het in 1980 wetgewing ingestel waarvolgens 'n egpaar wetlik mag skei en Egipte het in 2000 wetgewing aanvaar wat vroue toelaat om vir egskeiding aansoek te doen (Benokraitis, 2005: 432).

Dit kan gestel word dat dit nie egskeiding of ontbinding van die huwelik as sodanig is wat die maatskaplike probleem is nie, maar beskou in die konteks van die oorsake, omvang en implikasies daarvan op internasionale vlak soos vooraf bespreek, blyk die vraagstuk van egskeiding sonder twyfel 'n maatskaplike probleem te wees. Wanneer 'n kinderlose egpaar 'n egskeiding bekom, behels dit steeds die emosionele pyn vir die persone, maar wanneer die wetlike fase van die egskeiding afgehandel is, hoef daar nooit weer enige kontak tussen die twee persone plaas te vind nie. Dit is egter wanneer minderjarige kinders by die egskeiding van hulle ouers betrokke is dat die implikasies baie wyer strek, want die ontbinding van die huweliksband tussen die twee ouers verander wel die gesinstruktuur, maar verbreek nooit die band tussen die kind en die ouers nie (Cherlin, 2002: 416-417).

Egskeiding as maatskaplike probleem is 'n proses wat na alle waarskynlikheid 'n geleidelike aanloop verteenwoordig voordat die ontbinding van die huwelik plaasvind, terwyl daar ook 'n afloopfase na die ontbinding plaasvind. Dit is algemene kennis dat weinig egskeidings 'n spontane, kortstondige gebeurtenis is. Cochrane (in Pearce, 2003) wys op die kortstondige wetlike verklaring met egskeiding dat 'n huwelikspaar voortaan nie meer man en vrou is nie, en voeg by: "But there's been a process prior to that. Divorce comes after a long period of estrangement."

Die implikasie van egskeiding as maatskaplike probleem vir die gesin- sowel as gemeenskapsisteem kan slegs volledig in ag geneem word indien die prosesmatige verloop van die vraagstuk ondersoek word. Die proses van egskeiding word in die volgende gedeelte bespreek in terme van die (1) besluitnemingsfase; (2) juridiese fase; en (3) herstelfase.

## *5.4 EGSKEIDING AS PROSES*

"… divorce is better understood as only one event in a series of changes in family relationships. What happened before and what happens after separation have more impact on the adjustment of children than this one event" (Pritchard, 1998: 234).

Egskeiding is selde eenvoudig en so beskaaf as wat die partye dit sou verkies en word beskryf as een van die mees traumatiese ervarings wat die individue as subsisteme daarby betrokke kan beleef (Foster, 1982: iii; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 1). Die prosesmatige aard van egskeiding wat gewoonlik oor 'n lang tydperk verloop, word allerweë bevestig en beklemtoon (Ponzetti & Cate, 1987: 2; Saxton, 1996: 430; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 111; Coltrane & Collins, 2001: 525; Cherlin, 2002: 430; Benokraitis, 2005: 428). Verskillende stadia word in die egskeidingsproses as 'n oorgangstydperk erken en die konseptualisering daarvan deur Bohannon (1971, in Benokraitis, 2005: 428) word redelik algemeen in die literatuur aanvaar. Bohannon (1971, in Benokraitis, 2005: 428) het die volgende ses "stations" of vlakke beskryf, naamlik (1) emosionele egskeiding, (2) wetlike egskeiding, (3) ekonomiese egskeiding, (4) gesamentlike ouerskap-egskeiding, (5) gemeenskapsegskeiding en (6) psigiese egskeiding. Dit is die navorser se mening dat al hierdie vlakke in mindere of meerdere mate gedurende die hele egskeidingsproses aanwesig is en voortdurend in wisselwerkende aksie by die betrokke persone voorkom. In die bespreking wat volg oor die egskeidingsproses sal na hierdie vlakke in die onderskeie fases, soos deur die navorser gekonseptualiseer, verwys word.

Die proses waardeur egskeiding as maatskaplike probleem beweeg, word deur die navorser in drie geïdentifiseerde fases bespreek waar die besluitnemingsfase eerstens uitgelig word. Die aspekte van belang wat hieronder bespreek word, is naamlik (1) die aanloop tot die besluit, (2) besluitneming en (3) uitvoering van die besluit. Die eerste fase word gevolg deur die juridiese fase as tweede fase en derdens die herstelfase.

### *5.4.1 Die besluitnemingsfase as eerste fase*

Die tydperk wat 'n egskeiding voorafgaan, kan weke en selfs maande behels. Egskeiding behels feitlik nooit 'n oornagbesluit nie (Ponzetti & Cate, 1987:

2; Saxton, 1996: 430; Coltrane & Collins, 2001: 525; Benokraitis, 2005: 428).

Daar is sprake van 'n ontwikkelingstydperk wat deur emosionele intensiteit gekenmerk word waarin tye van besliste ontevredenheid met tye van totale ontkenning afgewissel word. Die besluitnemingsfase word beskou as die aanvang van die totale egskeidingsproses en behels (1) 'n aanloopstadium as eerste stadium, gevolg deur (2) die besluitnemingstadium wat laastens in (3) die uitvoering van die besluit kulmineer en dus oorgaan tot die juridiese fase.

#### 5.4.1.1 Aanloopstadium van die besluitnemingsfase

Die aanloopstadium in die besluitnemingsfase word gekenmerk deur die eerste tekens van ontevredenheid met die huwelik, meestal sonder enige direkte of verbale standpunt in die verband. Dit is gewoonlik die inisieerder van die egskeiding wat ongelukkigheid met die huwelik ervaar en gevoelens van verwerping of teleurstelling wat by die ander persoon voorkom. Die een persoon probeer dikwels die huweliksmaat se gedrag verander deur voorstelle van verandering van werk of aanmoediging tot nuwe belangstellings of selfs deur 'n nuwe baba te kry (Saxton, 1996: 430; Cherlin, 2002: 430; Benokraitis, 2005: 428). Ontkenning van eie gevoelens is kenmerkend van hierdie stadium en die ongelukkige persoon of beide hoop op 'n verbetering in die situasie (McKay et al., 1999: 5; Benokraitis, 2005: 429). Hierdie stadium is hoofsaaklik 'n intrapersoonlike en kognitiewe tydperk waar een of albei persone, maar dikwels die inisieerder, gevoelens van onvervulde behoeftes en verwagtinge in die huwelik beleef. Dit kan aanleiding gee tot konflik in die huwelik of bestaande konflik verhoog. Bradford (1980, in Ponzetti & Cate, 1987: 3) beskryf die gevolg van hierdie situasie soos volg: "This in turn leads to serious communication problems and regressive cycles in which spouses recycle resentment, silence, lack of self-disclosure, and avoidance of serious issues." Hierdie tipe patroon kan vir maande of selfs jare voortduur voordat die besluitnemingstadium bereik word (Ponzetti & Cate, 1987: 3).

#### 5.4.1.2 Besluitnemingstadium van die besluitnemingsfase

Toenemende twyfel en onsekerheid met betrekking tot die stabiliteit van die huweliksverhouding ontstaan, dikwels voorafgegaan deur onenigheid, rusies, moontlik insidente van ontrou, ongelukkigheid terwyl die gevoel of die hoop

dat die huwelik nog stabiel is steeds bestaan (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 111; McKay et al., 1999: 5; Kersten, in Benokraitis, 2005: 429). Gedurende hierdie stadium vererger die gevoelens van emosionele seer en woede wanneer pogings om die huweliksituasie reg te stel nie slaag nie (Benokraitis, 2005: 429). Die persoon wat die meeste ontevredenheid met die huwelik ervaar, begin dan emosioneel aan die ander persoon onttrek en die huwelik in terme van voor- en nadele evalueer (Saxton, 1996: 430; McKay et al., 1999: 6;; Cherlin, 2002: 430-431; Benokraitis, 2005: 429). In hierdie stadium word vorige positiewe emosies met negatiewe gevoelens vervang, soos Saxton (1996: 430) dit stel: “Affection, respect and trust are replaced by annoyance, resentment, and distrust. Liking becomes disliking; commitment becomes virtually nonexistent.” Seksuele begeerte kan nog by een of beide van die twee persone voorkom, maar die intensiteit daarvan neem baie af en feitlik alle liefdesaspekte in die huwelik verdwyn totdat daar nie meer voldoende persoonlike vervulling in die huwelik bestaan om die egpaar te bind nie (Saxton, 1996: 430; Benokraitis, 2005: 429).

Gedrag van skynbare ongeërgdheid kan tydens hierdie stadium ontwikkel waartydens die individue tot emosionele losmaking oorgaan deur die ontkenning van eie gevoelens van verwonding en angs met gedagtes van “I don’t need you” (McKay et al., 1999: 5). Goldenberg en Goldenberg (1998: 111) bevestig dat voorskeidingfantasieë kenmerkend is van hierdie stadium waartydens die individu oor romantiese betrokkenheid met ander persone en selfs die dood van die ander party kan bespiegel. Die tydperk van evaluasie wissel van individu tot individu volgens die mate van sekerheid wat ontstaan. Dit kan van kortstondige duur wees deurdat die individu onmiddellik klaarheid in eie gemoed ontwikkel of andersins kan dit maande duur terwyl die individue voortdurend besig is met evaluering van die betrokkenheid met die ander persoon (McKay et al., 1999: 6; Benokraitis, 2005: 429).

Hierdie is ook die stadium waartydens openbaarmaking van die ontevredenheid met die huwelik deur een van die persone, gewoonlik die inisieerder, aan ander persone soos ’n berader, vriend, minnaar of selfs die ander huweliksmaat plaasvind (Ponzetti & Cate, 1987: 3). Sodanige stap is ’n aanduiding van ’n herdefiniëring van die huweliksverhouding en dikwels die eerste bewuswording by die ander huweliksmaat van die erns van die situasie (Ponzetti & Cate, 1987: 3-4; Cherlin, 2002: 431).

Die oorgang van die aanloopstadium na besluitneming word treffend deur McKay et al. (1999: 6) soos volg beskryf: “The path you take toward deci-

sion is an individual one, but the oscillation between denial, fear of change, and profound dissatisfaction is almost always part of the process." Die tempo waarteen emosies wissel, is dikwels so drasties dat die gevaar bestaan dat 'n individu totaal beheer oor die emosies kan verloor waardeur 'n toestand van algehele kwesbaarheid ontwikkel. Die mate van stres wat die verandering weens egskeiding vir individue meebring, word op Holmes en Rahe se Skaal vir Maatskaplike Heraanpassing as tweede hoogste uit 43 algemene stresvolle lewensinsidente op 73 uit `n moontlik 100 punte bereken (Holden, 1992: 118-120). Dit word slegs deur die stresgehalte van die dood van 'n geliefde oortref (McKay et al., 1999: 9). Daar word dikwels na die aanloopstadium en besluitnemingstadium as die "emotional divorce" verwys ten einde daarmee die intensiteit van hierdie emosiebelaaide tydperk van die eerste fase te beskryf (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113; Benokraitis, 2005: 428-429).

Die besluit tot egskeiding word selde indien ooit gesamentlik op dieselfde tydstip deur beide individue geneem, wat meebring dat die egskeidingsproses dikwels een van intense konflik is (Ponzetti & Cate, 1987: 2). Die besluit word dikwels deur een van die individue geïnisieer terwyl die ander persoon meer onwillig mag wees om tot die besluitneming oor te gaan of steeds die ongelukkigheid ontken (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 112; Benokraitis, 2005: 428). Daar is aanduidings dat die besluit tot egskeiding dikwels deur een of ander insident as laaste strooi versterk word (Coltrane & Collins, 2001: 525). Die impak wat die besluit tot egskeiding vir elk van die individue se selfbeeld inhou, is sterk en lei tot gevoelens van mislukking en onbekwaamheid vir die huwelik. Die verandering in identiteit wat reeds tydens die skeiding begin realiseer, is van die moeilikste vir die individu om te hanteer en veroorsaak 'n ernstige gevoel van verlies aan identiteit (McKay et al., 1999: 9).

Die belewenis van die veranderde identiteit dwing die individu tot retrospeksie ten opsigte van die huwelik, soeke na die oorsaak en skuldige persoon asook na hoe dit anders kon wees. Hierdie terugblik kan selfs vir maande na die egskeiding voortduur en behoort die losmakingsproses te ondersteun, maar dit kan negatiewe gevolge inhou in die sin dat die individu in selfblamering en ernstige depressie kan verval (McKay et al., 1999: 10).

Die besluit om tot egskeiding oor te gaan is 'n uiters kritiese punt in die proses van egskeiding as maatskaplike probleem, aangesien dit die finale breuk in die huwelik bekragtig. Die aanloopstadium asook die besluitneming-

stadium in die egskeidingsproses word deur emosionele hoogte- en laagtepunte gekenmerk met ’n sterk belewenis van evaluering van en regverdiging vir die besluit tot egskeiding. Met die besluitneming tot egskeiding word die proses tot aksie en uitvoering van die besluit gedwing.

Die aksiestadium as die laaste stadium van die besluitnemingsfase as eerste fase in die beskrywing van die egskeidingsproses word vervolgens uitgelig as die stadium waar die besluitneming ten uitvoer gebring word.

### 5.4.1.3 Aksiestadium

Die navorser identifiseer hierdie stadium aangesien die besluit tot egskeiding dikwels ’n kognitiewe maar onuitgesproke besluit is. McKay et al. (1999: 51) wys daarop dat beide individue dikwels die onbewustelike besluit tot beëindiging van die huwelik neem, maar die aksierol, met ander woorde die verbalisering en uitvoering van die besluit, word gelaat vir die individu wat die situasie in die huwelik die meeste onuithoudbaar vind.

Dit is die navorser se mening dat die aksiestadium as uitvoeringstadium behels dat die besluit tot egskeiding tussen die twee individue geopenbaar word en dat daar tot aksie beweeg word deurdat een van die twee partye die fisieke skeiding uitvoer. Intense emosies word dikwels in hierdie stadium ervaar, aangesien die individu wat tot aksie oorgaan dikwels as die skuldige party blameer word en onder skuldgevoelens gebuk gaan. Goldenberg en Goldenberg (1998: 113) beskryf die emosionele lading van hierdie stadium onder andere soos volg: “Another common scenario is for both marital partners to use this opportunity to hurl criticisms and invectives, each defending his or her own behavior and denouncing the actions, past or present, of the other.” Destruktiewe verbale en nieverbale optrede jeens mekaar, vermyding van mekaar, gebrek aan enige aandag, onttrekking en dikwels selfbejammering is kenmerkend van hierdie stadium (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113). Dit wil voorkom of die individue hierdie optrede aanwend as maskergedrag vir eie emosionele pyn, die belewenis van skuldgevoelens en selfs as moontlike skoktegniek ten einde die ander persoon tot ander insigte te probeer dwing.

McKay et al. (1999: 53) erken die uitdaging van hierdie stadium van die besluitnemingsfase en beklemtoon die persoonlike moed van die individu wat tot aksie oorgaan om die besluit tot egskeiding ten uitvoer te bring. Die uit-

voering van die besluit tot egskeiding behels voorts die emosionele voorbereiding van die persoon om met blamering gekonfronteer te word en die intense skuldgevoelens te hanteer.

Ten einde die besluit tot egskeiding ten uitvoer te bring is dit noodsaaklik om 'n regsverteenwoordiger te kontak met die doel om die juridiese aksie van stapel te stuur en sodoende die formele ontbinding van die huwelik te finaliseer. Die aksiestadium as derde stadium van die besluitnemingsfase in die egskeidingsproses, naamlik die uitvoering van die besluit, impliseer dus doelgerigte aksie ten einde die huwelik amptelik of wettig te beëindig.

Die aksiestadium van die besluitnemingsfase, soos hierbo bespreek, verteenwoordig die oorgang vanaf die besluitnemingsfase na die juridiese fase in die proses van egskeiding. Die besluitnemingsfase deurloop dus drie stadia vanaf die aanloop na die kognitiewe besluit tot egskeiding en word afgesluit met die uitvoeringstadium waar tot aksie oorgegaan word om die besluit te laat realiseer.

Die besluitnemingsfase, soos in die voorafgaande gedeelte bespreek, is volgens die navorser se voorstelling die aanvangsfase van die egskeidingsproses. Hierdie fase lei na die juridiese fase waartydens die wetlike ontbinding van die huwelik plaasvind en die proses sluit af met die herstelfase na beëindiging van die huwelik. Die juridiese fase word vervolgens aan die hand van drie stadia bespreek, naamlik (1) aansoek om 'n egskeiding; (2) keuse van regsgeding; en (3) finale bevel van egskeiding. Daarna word die bespreking met betrekking tot die proses van egskeiding as maatskaplike probleem aan die herstelfase as derde en laaste fase van die proses gewy.

### *5.4.2 Juridiese fase*

Die navorser beskou die juridiese fase as die tweede fase in die egskeidingsproses. Die juridiese fase neem in aanvang nadat die besluit tot egskeiding kognitief geneem is, aan die ander huweliksmaat geopenbaar is en uitvoering van die besluit in aksie gestel is. Die juridiese fase handel met die formele wetlike ontbindingsproses van die huwelik en is selde sonder ernstige probleme, veral waar minderjarige kinders betrokke is (Benokraitis, 2005: 429). Die aansoek om 'n egskeidingsbevel asook hantering van die gevolge van egskeiding word tydens hierdie fase onderhandel, naamlik verdeling van die gades se bates, onderhoud vir enige van die gades, belange van die minder-

jarige kinders asook die koste verbonde aan die geding (Cronje & Heaton, 2004a: 131). Dit is veral die onderhandelinge oor laasgenoemde aspekte wat ernstige konflik tussen die gades tydens die juridiese fase van die proses kan inisieer.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die huwelik beskou as ’n bindende kontrak tussen twee volwasse individue met beide se toestemming. Derhalwe vereis die ontbinding van die huwelik optrede in en deur ’n wetlike forum (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 26). Alhoewel dit ’n opsie is om self die juridiese fase van die egskeidingsproses te hanteer, word dit nie aanbeveel nie, aangesien konkrete regsaspekte in die skikking ter sprake is (McKay et al., 1999: 109-112, 151). Hierdie onderhandelinge is emosiebelaaide aksies en dikwels is die toetrede van ’n regsadviseur en mediator noodsaaklik ten einde die fasilitering daarvan te hanteer (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114). Die keuse van ’n regsverteenwoordiger om ’n party deur die juridiese fase van die egskeidingsproses te begelei is dus ’n kritiese besluit, aangesien hierdie persoon ’n belangrike invloed uitoefen op die aksies en persepsies van ’n party jeens die egskeidingsproses en sodoende die individu se houding ten opsigte van veral die juridiese fase van die egskeidingsproses bepaal (McKay et al., 1999: 129).

In hierdie bespreking van die juridiese fase word die kennisgewing van die aansoek om egskeiding as eerste stadium behandel, gevolg deur die keuse van regsgeding as tweede stadium in die fase. Die bespreking word afgesluit met verwysing na die finale ontbindingsbevel as derde en laaste stadium van die juridiese fase.

#### 5.4.2.1 Kennisgewing van aansoek om egskeiding

Egskeiding in terme van die Suid-Afrikaanse Reg kan slegs in die hoë hof by wyse van ’n aksie-prosedure in terme van die Eenvormige Hofreëls geskied, wat behels dat ’n dagvaarding uitgereik en ’n verhoor met mondelinge getuienis plaasvind. Hierdie bepaling geld vir beide onbestrede sowel as bestrede egskeidings (Visser & Potgieter, 1998: 174; Cronje & Heaton, 1999b: 194). Die ander opsie is ’n mosie-prosedure waar die saak bloot op beëdigde verklarings aangehoor en beslis word (Visser & Potgieter, 1998: 174).

Die kennisgewing van aansoek behels die amptelike dagvaarding waarin die voorneme tot aansoek om ’n egskeiding deur die eiser gestel word. Die dag-

vaarding handel met (1) die gronde vir die aansoek om ’n egskeiding sowel as met (2) die regshulp waarvoor die eiser aansoek doen. Die dagvaarding word deur ’n regsverteenwoordiger opgestel en deur die geregsbode op die verweerder persoonlik bestel. Afskrifte van die dagvaarding word aan die registrateur van die Hof asook die Kantoor van die Gesinsadvokaat voorsien (Visser & Potgieter, 1998: 174; Cronje & Heaton, 1999b: 194; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 27).

- *Gronde vir egskeiding*

  Die volgende drie skuldelose (“no fault”) gronde vir egskeiding in die Suid-Afrikaanse Reg word in terme van die Wet op Egskeiding (Wet 70 van 1979) bepaal as:

  - onherstelbare verbrokkeling van die huwelik; en
  - geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid van een party (Visser & Potgieter, 1998: 158; Cronje & Heaton, 1999b: 139; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 25; Cronje & Heaton, 2004a: 123).

  Die mees algemene grond wat vir egskeidings aangevoer word, is naamlik die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik. Die kernvraagstuk is watter kriteria aangewend word om die onherstelbare verbrokkeling van ’n huwelik te bepaal. Die kenmerke waarvan die hof vergewis wil wees, is luidens artikel 4(1) van die Wet op Egskeiding naamlik dat:

  - die huweliksverhouding nie meer normaal is nie; en
  - daar geen redelike vooruitsig vir die herstel van ’n normale huweliksverhouding bestaan nie (Visser & Potgieter, 1998: 159; Cronje & Heaton, 2004a: 123-124).

  Die hof moet oortuig word dat die huweliksverhouding tussen die twee individue sodanig gedisintegreer het dat daar geen redelike kans tot herstel van die huwelik bestaan nie. Cronje en Heaton (2004a: 124-126) wys daarop dat die konsortium-konsep ’n riglyn bied vir die bepaling van ’n normale huwelik. Indien enige van die twee individue op so ’n wyse optree dat die konsortium of gemeenskaplike huwelikslewe ernstig versteur of getermineer word, is dit aanduidend dat ’n normale huwelikslewe nie meer tussen die twee individue bestaan nie. Verskeie redes vir die verbrokkeling van ’n huwelik word in die hof aangevoer wat onder andere ’n breuk in kommunikasie, afwesigheid van geslagsverkeer, fisieke of emo-

sionele mishandeling, verlating van die gemeenskaplike woning of owerspel kan inhou (Visser & Potgieter, 1998: 160; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 25). Hierdie redes vorm elk deel van die konsortium en is bepalend vir 'n normale huweliksverhouding. Artikel 4(2) van die Wet op Egskeiding beskryf die genoemde redes as voorbeelde van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik en voeg verklaring van die verweerder as gewoontemisdadiger en gevolglike gevangenisstraf by as verdere rede. Appélregter Corbett het in die saak van *Schwartz vs Schwartz* (Cronje & Heaton, 1999a: 140) bepaal dat dit belangrik is dat die hof by die oorweging van 'n aansoek om egskeiding vergewis moet wees van (1) die agtergrond van die huweliksverhouding sedert die ontstaan daarvan tot en met die verhoor, en (2) die huidige houding van die twee individue jeens die huweliksverhouding soos geopenbaar in die getuienis voor die hof.

Die tweede aspek, ná die gronde vir egskeiding, waarmee die kennisgewing van aansoek of die dagvaarding handel, is die regshulp wat deur die eiser versoek word.

- *Regshulp*

  In die kennisgewing van die aansoek om egskeiding of die dagvaarding word die regshulp weergegee wat die eiser in die aansoek versoek.

  Die vorme van regshulp wat in die aansoek om egskeiding ter sprake is, handel met die volgende aspekte:

  - verdeling van die partye se bates;
  - onderhoud vir 'n gade;
  - verdeling van ouerlike verantwoordelikhede en regte;
  - koste van die egskeidingsgeding.

  Reël 43 van die Eenvormige Hofreëls handel oor die regshulp *pendente lite* of die regshulp gedurende die tydperk van afwagting op die egskeidingsgeding (Visser & Potgieter, 1998: 174-175). Daarvolgens kan die eiser die hof om 'n tussentydse bevel ten opsigte van die volgende aspekte nader:

  - onderhoud *pendente lite*;

- bydrae tot die koste van die egskeidingsgeding;
- tussentydse sorg (bewaring) van die minderjarige kind;
- tussentydse kontak (toegang) tot die minderjarige kind.

Die aspekte van regshulp, wat in die aansoek om egskeiding vervat word, word vervolgens kortliks bespreek ten einde die kompleksiteit van veral die juridiese fase van die egskeidingsproses uit te lig. Hierdie aspekte is dikwels die kritiese elemente van 'n egskeidingsgeding weens die intense emosionele lading daarvan:

- *Verdeling van die partye se bates*

  Egskeiding bring die verdeling van die partye se bates en laste ter sprake (McKay et al., 1999: 151-162; Cronje & Heaton, 2004a: 131). Bates behels dus alles wat die twee partye besit, soos eiendom, aandele, motors, pensioenbelange en juwele, terwyl die laste verwys na die skuld wat die partye aangegaan het. Die waarde van die bates en laste moet bepaal word en daar moet 'n ooreenkoms bereik word ten opsigte van die verdeling hiervan (McKay et al., 1999: 152-162; Cronje & Heaton, 2004a: 131-132).

  Hierdie aspek van die regshulp word toepaslik na verwys as die "economic divorce" (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114; Benokraitis, 2005: 429). Die ekonomiese elemente van die egskeiding, soos wie watter skuld en uitgawes moet aanvaar, word dikwels aangewend in onderhandelinge met betrekking tot die minderjarige kinders se onderhoud. Ouers kan onderhoud gewysig probeer kry of eenvoudig nie onderhoud betaal nie weens griewe in verband met die verdeling van die verpligtinge ten opsigte van die ekonomiese aspekte.

  Dit word soos volg deur Benokraitis (2005: 429) gestel: "Because spouses often disagree on what is fair and equitable, they may use money to manipulate each other into making concessions ('I'm willing to pay child support if you agree to sell the house and split the proceeds')." Hierdie griewe oor geldsake kan soms lank na afhandeling van die egskeiding tussen die partye voortduur.

- *Onderhoud ten opsigte van 'n gade*

Die onderhoud van gades teenoor mekaar vanweë die huwelik verval met die ontbinding van die huwelik, maar 'n bevel van onderhoud ten opsigte van 'n gade kan ingevolge die Wet op Egskeiding uitgereik word (Cronje & Heaton, 2004a: 151). Aspekte wat die hof in hierdie verband in ag neem, is onder andere die duur van die huwelik, die verdienvermoë van die gades, finansiële behoeftes en verpligtinge van gades, die lewenspeil tydens die huwelik, ouderdom van gades en die gedrag van gades met betrekking tot die verbrokkeling van die huwelik (McKay et al., 1999: 162-164; Cronje & Heaton, 2004a: 132).

Hierdie aspek kan vanweë gades se verskillende perspektiewe met betrekking tot elk se aandeel in die verbrokkeling van die huwelik tot ernstige konflik aanleiding gee. Onderhandelinge aangaande onderhoud van 'n gade kan ook as deel van die ekonomiese egskeiding beskou word (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114)

- *Ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van minderjarige kinders*

Die belange van die minderjarige kind in egskeiding word in terme van die Suid-Afrikaanse Reg deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding en die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987) bepaal en beskerm (Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 178; Cronje & Heaton, 2004a: 161). Die beginsel van die beste belang van die kind is geldig in alle sake rakende die kind en word bepaal en bevestig deur artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 181; Cronje & Heaton, 2004a: 161). Die navorser ondersteun die uitspraak van regter Lever in *Madiehe vs Madiehe* wat beklemtoon dat die bewaring van 'n kind 'n verantwoordelikheid sowel as 'n voorreg is wat verdien word en nie op 'n geslagsvoorkeur of -reg berus nie (Cronje & Heaton, 1999b: 183).

Hierdie aspek behels die ooreenkoms tussen die ouers aangaande die materiële onderhoud van minderjarige kinders, die versorgingsverantwoordelikheid (bewarings-) ten opsigte van die kinders, kontak (toegang) tussen die kinders en die nie-versorgende ouer asook die voogdy van die minderjarige kind (Cronje & Heaton, 2004a: 166-175;

Benokraitis, 2005: 429). In terme van die Suid-Afrikaanse Reg moet die hof oortuig wees dat die beste belang van die minderjarige kind in die ooreenkoms gedien word alvorens ’n finale egskeidingsbevel toegestaan word (Davel, 2000: 65; Cronje & Heaton, 2004a: 164).

Die voortbestaan van die familieverbintenis na egskeiding word deur Ahrons en Rodgers (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114) bevestig en die skrywers verwys na die sogenaamde “binuclear families” wat sodoende ontstaan.

Die regsaspekte van regshulp met betrekking tot die verdeling van ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van die minderjarige kind in die juridiese fase van die egskeidingsproses word ook as die “co-parental divorce” beskryf (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114; Benokraitis, 2005: 429).

- *Koste van die egskeidingsgeding*

  Artikel 10 van die Wet op Egskeiding handel met die koste-aspek van die egskeidingsgeding. Daar rus geen verpligting op die hof om ’n bevel van koste ten gunste van die suksesvolle party te maak nie (Cronje & Heaton, 1999b: 195). Die hof neem die finansiële vermoë van die partye asook die relevante gedrag van die partye by bepaling van die koste-aspek in ag en sal na alle waarskynlikheid ’n proporsionele verdeling van die koste tussen die twee gades ten opsigte van die geding beveel (Cronje & Heaton, 1999b: 195).

Die bespreking van die verskillende aspekte van die dagvaarding as kennisgewing van aansoek om egskeiding sluit die eerste stadium van die juridiese fase af, naamlik die kennisgewing van aansoek om ’n egskeiding. As tweede stadium van die juridiese fase in die egskeidingsproses word die keuse van regsgeding behandel, naamlik ’n (1) onbetwiste (“unopposed”), of (2) betwiste (“opposed”) geding.

### 5.4.2.2 Keuse van regsgeding

Die juridiese fase van die egskeidingsproses, naamlik die wetlike aspekte van die formele ontbinding van die huwelik, neem in aanvang met die lewe-

ring van die kennisgewing tot aansoek om egskeiding of die dagvaarding. Na lewering en ontvangs van die dagvaarding word bepaal watter tipe geding gevolg gaan word. Die besluit oor die tipe geding sal bepaal word deur die sukses al dan nie van die onderhandelinge aangaande die regshulp waarvoor aansoek gedoen is. Indien die gronde vir egskeiding asook die regshulp deur die ander gade betwis word, kan die onderhandelingstadium aansienlik sloer en selfs maande tot jare duur.

Vervolgens word die twee vorme van egskeidingsgeding bespreek, naamlik die onbetwiste en betwiste egskeidingsgeding.

- *Onbetwiste egskeidingsgeding*

  In omstandighede waar beide individue in die huwelik ooreenstem tot die ontbinding van die huwelik is ’n onbetwiste egskeidingsgeding die natuurlike aangewese prosedure om te volg. Die partye besluit wie as eiser en verweerder sal fungeer. Rakende die kritiese aspekte van die egskeiding, naamlik die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kinders, verdeling van die bates, die onderhoud ten opsigte van die kinders en ’n gade asook die koste van die geding, kan tot ’n ooreenkoms tussen die partye onderhandel word (Cronje & Heaton, 2004a: 131). In Suid-Afrika is dit aanvaarde praktyk dat sodanige skikkingsooreenkoms saam met die dagvaarding aan die hof voorgelê word met die versoek om dit as bevel in die finale egskeidingsbevel te bevestig (Cronje & Heaton, 2004a: 131). Dit is belangrik om te meld dat partye met professionele persone kan konsulteer insake knelpunte in die ooreenkoms, asook elke party se regte en verpligtinge. Konsultasie met ’n mediator aangaande enige aspek rondom die ooreenkoms kan konflik in die proses beperk (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 99, 103; McKay et al., 1999: 113). Enigeen van die twee partye mag in die hof met die aanhoor van die aansoek verskyn, bygestaan deur ’n prokureur en advokaat.

- *Betwiste egskeidingsgeding*

  ’n Betwiste egskeidingsgeding is aangewese waar die partye insake verskeie aspekte rakende die ontbinding van die huwelik nie ooreenstem nie. Dit kan die volgende insluit: die ontbinding as sodanig, die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders of die verdeling van bates asook die onderhoudsreëlings (McKay et al., 1999: 115-117). Die verskille

word derhalwe aan die hof voorgelê en die meriete van elke versoek word deur die individue se onderskeie regsverteenwoordigers geargumenteer waarna die hof met die finale egskeidingsbevel 'n beslissing vel. In die betwiste geding kan die partye met groot vrug van die proses van mediasie gebruik maak ten einde uitgerekte litigasie te voorkom (McKay et al., 1999: 114). Die regsverteenwoordiger van die eiser hanteer normaalweg die opstel en lewering van die dagvaarding en die verweerder het na ontvangs daarvan 'n tydperk van tien (10) werksdae waarin die kennisgewing van verdediging gelewer word. Die proses waartydens die verweerder en eiser se eise en teeneise opgestel en gelewer word, kan tot vyf (5) maande of selfs langer duur (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28). Die verdere prosedure in 'n betwiste egskeidingsgeding behels die openbaarmaking van getuienis aan die ander party in die sogenaamde "discovery process" asook 'n konsultasie met die Gesinsadvokaat (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28). Voorbereiding vir die verhoor volg daarna met onder andere 'n voor-verhoorkonferensie as geleentheid om 'n ooreenkoms te bereik, en indien nie moontlik nie volg die verhoor dan ongeveer ses tot twaalf (6 tot 12) maande later (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28).

Dit blyk dus dat die betwiste egskeidingsgeding as keuse in die proses van egskeiding 'n tydrowende en koste-intensiewe proses behels. Daar moet in gedagte gehou word dat die gesin gedurende hierdie emosie-belaaide tyd steeds met hul daaglikse funksionering moet voortgaan. Dit is dikwels noodsaaklik om tussentydse reëlings aangaande onderhoud en die versorging van die kinders te tref waarvoor daar in reël 43 van die Eenvormige Hofreëls voorsiening gemaak word, soos bespreek onder 5.4.2.1 (Visser & Potgieter, 1998: 174).

Na bespreking van die kennisgewing van aansoek as eerste stadium in die juridiese fase van die egskeidingsproses, gevolg deur die keuse van die tipe geding as tweede stadium, word die aandag voorts gefokus op die finale bevel as derde stadium van die juridiese fase.

#### 5.4.2.3 Die finale bevel

Die finale stadium in die juridiese fase van die proses van egskeiding is die verkryging van die hofbevel tot ontbinding van die huwelik. Soos bespreek in punt 5.4.2.2 insake die keuse van regsgeding wat gevolg kan word, kan

die finale bevel dus deur middel van óf ’n skikking óf litigasie verkry word. ’n Skikking kan by wyse van ooreenkoms tussen die partye self of by wyse van onderhandeling met die bystand van ’n derde party, naamlik ’n mediator of regsverteenwoordiger, geskied (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 95; McKay et al., 1999: 109).

Die finale hofbevel in die egskeidingsproses behels die bevel tot (1) ontbinding van die huwelik; (2) verdeling van bates; (3) voogdyskap; (4) sorg (bewaring) en kontak(toegang) van minderjarige kinders; (5) onderhoud; en (6) kostes van die aansoek (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 94). Slegs wanneer die hof vergewis is van die objektiewe aard en onoorkombaarheid van die redes vir die aanvra van ’n egskeiding en oortuig is dat die huwelik onherstelbaar misluk het, word die bevel tot ontbinding van die huwelik gelewer (Cronje & Heaton, 1999b: 140). Dit beteken die hof wil oortuig wees dat die redes vir die aansoek grondig is en dat daar geen moontlikheid op rekonsiliasie tussen die partye bestaan nie. ’n Verdere voorwaarde vir die lewering van die finale bevel van ontbinding van die huwelik is naamlik die belange van die minderjarige kinders. Die hof sal slegs die finale egskeidingsbevel uitreik indien dit oortuig is dat die reëlings met betrekking tot die welsyn van die minderjarige kinders uit die huwelik voldoende is of alternatiewelik die beste is wat onder die omstandighede getref kan word (Davel, 2000: 65).

Die aansoek om ’n bevel tot egskeiding word in Suid-Afrika in die hooggeregshof aangehoor. Daar is egter uitbreiding op hierdie gebied deurdat die Egskeidingshof Wysigingswet (Wet 65 van 1997) voorsiening maak vir die instelling van egskeidingshowe wat by die gesinshof geïnkorporeer word (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 120). Volgens laasgenoemde voorgestelde wysiging bestaan daar tans slegs drie gebiede vir egskeidingshowe en die projek is letterlik nog in die kinderskoene. Die rasionaal daaragter is om die egskeidingshof meer toeganklik te maak in terme van voorskrifte en koste vir die publiek sodat egskeidings goedkoper en makliker kan geskied (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 120). Dit is ’n debatteerbare punt en dit sal interessant wees om die invloed van sodanige wysiging op die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika in die toekoms waar te neem.

Die instelling van sodanige howe kan na die navorser se mening ook gesien word as ’n poging om egskeiding in Suid-Afrika te normaliseer. Die instelling van die “no fault”-beginsel in egskeidingswetgewing, waarvolgens skuld by een party in die egskeiding uitgeskakel is, kan volgens Ahrons en

Rodgers (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113) geïnterpreteer word as "an encouraging move toward normalizing divorce in our society". Die hoë voorkoms van egskeiding, soos in punt 5.3 bespreek, lei verder daartoe dat egskeiding nie langer as 'n abnormale gebeurtenis in die gesinslewe beskou kan word nie. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999: 4) stel dit so: "We have to stop thinking about divorce as the 'breakdown of family life' and start thinking of it as the 'reorganization of a family'."

Die lewering van die hof se finale bevel tot ontbinding van die huwelik bevestig die finaliteit van die beëindiging van die huwelik. Hierdie feit dwing die individue om na die egskeiding oor te gaan na die aanpassingsfase in enkelstatus. Goldenberg en Goldenberg (1998: 114) som die nuwe situasie soos volg op: "The entire event is a process with roots in the past, before divorce is contemplated, and carries with it effects that extend into the future."

Die juridiese fase word ook as die wetlike egskeiding ("legal divorce") beskryf, met ander woorde die fase waartydens al die regsaspekte deurtrap en onderhandel word met die doel om 'n finale egskeidingsbevel te kan uitreik (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115; Benokraitis, 2005: 429). Dit is dus die fase waartydens die wettige ontbinding van die huwelik plaasvind.

Die herorganisasie van die gesinsisteme en aanpassing by veranderde omstandighede nadat die egskeiding toegestaan is, kan as die herstelfase, ná die besluitnemings- en juridiese fases, in die proses van egskeiding beskou word. Die herstelfase word voorts as derde fase in die totale egskeidingsproses in oënskou geneem.

### *5.4.3 Herstelfase*

McKay et al. (1999: 2) erken die emosionele impak van egskeiding op al die subsisteme – die verlater, die gade wat agterbly en die kinders – maar beklemtoon dat egskeiding ook 'n geleentheid skep vir nuwe groei en ontwikkeling, "a time for beginning as well as ending". Die herstelfase omsluit dus die tydperk van aanpassing ná die finale ontbinding van die huwelik tot en met die vestiging van 'n nuwe identiteit as enkelpersoon en enkelouer-gesin.

Egskeiding is 'n traumatiese en kritieke insident in die funksionering van 'n gesinsisteem. Die aanpassingsfase verg 'n stadium van herstel van die emosionele skok weens die realiteitsbesef van die verlies wat plaasgevind het. Al

die individuele subsisteme, ouers sowel as kinders, het tyd nodig om ’n nuwe identiteit as geskeides te ontwikkel. Aanvaarding van die feit van egskeiding is noodsaaklik vir al die betrokke lede, gesins- sowel as uitgebreide sistemiese lede. Erkenning van gelaaide emosies soos woede, angs, hartseer, alleenheid en verwerping is noodsaaklik, en die aanwending van positiewe hanteringsmeganismes dra by tot die ontdekking van persoonlike emosionele kragte en bronne (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114-115; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 45-46; McKay et al., 1999: 2).

McKay et al. (1999: 2) beklemtoon die positiewe aanwending van die nuwe geleentheid tot vryheid en moontlikhede en moedig individue aan om hulleself te leer ken deur die soeke na nuwe belangstellings, beroepsgeleenthede en lewenstyl. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999: 45) wys daarop dat hierdie tydperk van twee en ’n half (2½) jaar tot drie (3) jaar kan duur voordat die individu as subsisteem emosioneel herstel het. Die aanpassing en herstelfase van die ouersisteem sal noodwendig ’n invloed uitoefen op die minderjarige kind as subsisteem asook die nuwe enkelouer-gesinsisteem.

Dit is belangrik om te let dat dit noodsaaklik is om die verlies aan die huweliksverhouding te erken en daaroor te rou. Hierdie tipe verlies vergelyk met die dood van ’n geliefde en emosionele herstel is afhanklik van die afhandeling van hierdie rouproses (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 45-46; McKay et al., 1999: 61, 67). Teen die einde van die herstelfase behoort die individu en die nuwe gesinsisteme gereed te wees om aan te beweeg na ’n nuwe lewe waarin nuwe funksioneringspatrone ontwikkel kan word en die egskeiding deel van die wortels van die verlede kan vorm.

### *5.4.4 Samevatting*

Uit die bespreking van egskeiding as proses blyk dit duidelik dat hierdie emosiebelaaide proses selde ’n kortstondige gebeurtenis inhou. Dit is ’n proses wat na die navorser se mening in die hart van die individue in aanvang neem en dan deur die denke oorgeneem word, in die hof tot uitvoer gebring word en uiteindelik weer in die hart kulmineer. Dit beteken dus dat die liefde en verhouding wat tussen die twee individue bestaan het, geknou word en disintegreer. Dit is vir die individu noodsaaklik om hierdie feit kognitief te verwerk en te aanvaar ten einde voort te gaan met die herstelproses ná die juridiese fase waar die besluit ten uitvoer gebring word. Na afhandeling van die regsfase waar die ontbinding van die huwelik bevestig en gefinaliseer

word, word die realiteit van die skeiding weereens in die emosies van die individu die moeilikste beleef.

Dit is die navorser se mening dat indien herstel van die huwelik nie geïmplementeer kon word nie, die mees positiewe uitkoms vir al die betrokke subsisteme is dat die ouers as individue so vinnig moontlik die persoonlike groeipotensiaal van die situasie aanvaar.

In die volgende afdeling sal die sistemiese impak van egskeiding in die breë konteks beskou word. Die invloed op (1) die individu as subsisteem; (2) die gesinsisteem; en (3) die gemeenskapsisteem sal bespreek word.

## *5.5 DIE SISTEMIESE IMPAK VAN EGSKEIDING*

Uit die voorafgaande bespreking van die historiese konteks en prosesmatige aard van egskeiding as persoonlike probleem blyk die internasionale voorkoms daarvan as maatskaplike probleem duidelik. Die wêreldwye toename in egskeiding hou ernstige implikasies in vir hierdie instelling, naamlik die gesin, waarin kinders versorg en gesosialiseer word (Amato, 2000: 2). Die hoë tendens in egskeiding en die impak daarvan op volwassenes en kinders het ’n verhoogde vlak van belangstelling ontketen by sosiale wetenskaplikes uit ’n verskeidenheid dissiplines, onder andere ontwikkelingsielkunde, kliniese sielkunde, maatskaplike werk, gesinsterapie, sosiologie, demografie en kommunikasiestudies (Amato, 2000: 2).

Volgens Amato (2000: 2) is daar ’n voortdurende ernstige debat tussen twee standpunte aangaande die implikasie van egskeiding vir kinders en volwassenes.

Die een standpunt beskou die kerngesinsisteem met twee ouers as die fundamentele gesinsisteem vir die gemeenskap waarin die volwassenes ’n bewustheid van betekenis, stabiliteit en sekuriteit ontwikkel en die kinders tot gesonde, toegeruste en produktiewe persone ontwikkel. Die ander perspektief huldig die standpunt dat egskeiding slegs tydelike negatiewe implikasies vir die individue inhou terwyl volwassenes bevrediging as mens vind en kinders suksesvol in ’n verskeidenheid vorme van gesinsisteme ontwikkel. Dit is die navorser se mening dat elke gesinsisteem uniek is en die implikasies van ’n probleem soos egskeiding sal bepaald vir elke gesinsisteem verskil. Die impak van egskeiding vir elke gesinsisteem word bepaal deur

die unieke individuele subsisteme asook die interaksie tussen die gesinslede onderling asook met die subsisteme in die gemeenskapsisteem. Navorsing dui aan dat aanvanklike gesondheidsprobleme en afbrekende gedrag, soos oormatige alkoholgebruik, twee tot drie jaar na die egskeiding grootliks afgeneem het. Ander studies kan geen verandering in persone se funksionering na egskeiding vind nie (Amato, 2000: 7). Die navorser ondersteun die volgende aanname deur die meeste studies, naamlik: "… that marital disruption is a stressful life transition to which adults and children must adjust" (Amato, 2000: 3).

Hierdie gedeelte word dus gewy aan die impak van egskeiding in die breë konteks op al die betrokke sisteme. Die aandag word eerstens gewy aan die individue van die egpaar-subsisteem, daarna aan die individue van die ouersubsisteem en derdens aan die minderjarige kind as subsisteem.

Benokraitis (2005: 437) beskryf drie areas van die gesinsisteem se funksionering waarop egskeiding 'n beduidende impak het, naamlik die (1) fisieke, emosionele en psigologiese welstand van die gesinslede; (2) ekonomiese en finansiële veranderinge; en (3) die kinders se versorgingsaspekte en ondersteuning.

### *5.5.1 Implikasie van egskeiding vir die individu as subsisteem*

Die individuele subsisteme in die gesinsisteem-in-egskeiding omsluit die egpaar as individue, die ouers as individue sowel as die kinders as individue. "Although divorce has become a familiar and recognized fact … it is never routine for the family members undergoing the often agonizing experience and its aftermath" (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115).

#### 5.5.1.1 Implikasie vir die individue van die egpaar-subsisteem

Die aandag word eerstens gevestig op die implikasie van egskeiding vir die individue van die egpaar-subsisteem.

- *Die fisieke, emosionele en psigiese effek*

  Die impak wat die stresvolle verandering van egskeiding op die individue het, kan soms vir jare duur. Die duur daarvan word bepaal deur die vol-

wasse individue as subsisteme, dit wil sê die man en vrou as gewese gades, se vermoë om drie take te volvoer. Hierdie take behels die losmaking van die huwelik, ontwikkeling van nuwe sosiale bande en die herdefiniëring van hulle rolle as individue in enkelloperstatus (Benokraitis, 1999: 435; Gerdes, Louw, Van Ede & Louw, 2003: 568).

Benokraitis (2005: 437) bevestig die emosionele folterende impak van die egskeidingsproses vir beide man en vrou. Die rol wat elke individu in die egpaar-subsisteem in die egskeidingsproses gespeel het, naamlik dié van inisieerder of dié van onwillige meedoener, is bepalend vir hulle emosionele en psigiese impak. Algemene gevoelens wat deur die volwasse individue ervaar word, is onder andere mislukking, vyandigheid, woede, angstigheid, selfverwyt, onsekerheid, vernedering, magteloosheid, teleurstelling, skuld, hartseer en verlies. Die individu wat die inisieerder in die egskeidingsproses was, ervaar dikwels in 'n groter mate verligting en het in die algemeen meer beheer oor eie gevoelens en is emosioneel minder ontredderd (Gerdes et al., 2003: 567-568).

Kurdek (1991), soos aangehaal deur Gerdes et al. (2003: 568), bevestig dat geskeide individue meer vatbaar is vir liggaamlike siektes weens die invloed van die intense stres waarmee egskeiding gepaardgaan. Die streslading affekteer ook die individue se psigiese gesondheidstoestand en eensaamheid, depressie, ongereelde eet-, slaap- en werkpatrone, alkoholisme en selfmoord kom dikwels voor (Melichar & Chiriboga, 1985 in Gerdes et al., 2003: 568).

Individue uit 'n egskeiding voel dikwels dat familie, vriende en kollegas hulle stigmatiseer deurdat die partye beleef dat kant gekies word tussen hulle en hulle van sosiale geleenthede uitgesluit word (Ahrons & Rodgers in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115; Gerstel in Benokraitis, 1999: 434). Die belewenis van verandering in sosiale verbintenisse bring 'n verdere ervaring van verlies mee, naamlik aan belangrike en noodsaaklike ondersteuningsisteme vanuit die gemeenskapsisteem (Gerdes et al., 2003: 568).

- *Ekonomiese en finansiële veranderinge*

Beide individue van die egpaar-subsisteem ondervind psigologiese en emosionele aanpassings met egskeiding. Die finansiële veranderinge na egskeiding vir die vrou is egter van groter omvang en impak as vir die

man. Gutner (2000 in Benokraitis, 2005: 439) stel die rede vir hierdie toedrag van sake soos volg: "The man usually walks out with the most valuable asset, earning ability, while the woman walks out with the biggest cash drain, the kids and house."

Dit word bereken dat die vrou se ekonomiese welstand na egskeiding met 36% afneem, terwyl die man se finansiële status met 28% verbeter (Benokraitis, 2005: 439). In 85% van gevalle word die bewaring van die minderjarige kinders aan die vrou toegestaan terwyl baie mans finansieel nie tot die versorging van die kinders bydra nie. Vroue vind dit ook dikwels baie moeiliker om geskikte werk te vind, veral waar daar klein kinders betrokke is wat versorg moet word (Grall, 2002 in Benokraitis, 2005: 439; Finkel & Roberts, 1994 in Benokraitis, 2005: 439).

Die instelling van die "no fault"- of skuldelose egskeidingswetgewing het 'n sterk invloed op die finansiële implikasies van egskeiding, aangesien beide gades gelyke status voor die hof geniet en van beide verwag word om gelyke verantwoordelikheid vir die egskeiding te neem (Benokraitis, 2005: 439). Ten spyte van die hof se verantwoordelikheid as oppervoog vir alle minderjarige kinders, dra egskeidingswetgewing dus by tot die skep van finansieel ongunstige omstandighede vir kinders na egskeiding.

Die implikasie van egskeiding word vervolgens op die individue as deel van die ouer-subsisteem gevestig.

### 5.5.1.2 Implikasie vir die individue van die ouer-subsisteem

Die ontbinding van die ouers se huweliksverbintenis het 'n direkte en verreikende implikasie vir die minderjarige kind, naamlik die verdeling van die gesinsisteem. Ouerlike gesag met betrekking tot die minderjarige kind behels die totaal van regte en verpligtinge wat ouers geniet ten opsigte van hulle wettige kind, die kind se boedel en administrasie daarvan asook bystand aan die kind in regsgedinge (Robinson, 2000: 68).

- *Voogdyskap en sorg (bewaring)*

Voogdyskap en sorg (bewaring) is twee afsonderlike komponente van ouerlike gesag (Robinson, 2000: 68). Hierdie komponente word

regstreeks deur die egskeiding van die ouers beïnvloed, aangesien een van die ouers die verantwoordelikheid vir die bewaring van die minderjarige kind moet ontvang. Sorg (bewaring) van die minderjarige kind verwys na die dag-tot-dag-lewe en -aktiwiteite van die kind asook die voorsiening van sorg, opvoeding, beskerming en algemene fisieke, psigiese, emosionele en religieuse welsyn vir die kind (Robinson, 2000: 69). Tydens die bestaan van die huwelik word hierdie verantwoordelikheid in die algemeen deur die ouers gedeel (Robinson, 2000: 69). Dit is dus logies dat die sorg van die minderjarige kind na egskeiding primêr by een van die twee ouers sal berus. Voogdyskap daarenteen behels die administrasie van die kind se boedel, bystand aan die kind met regshandelinge, soos toestemming om te mag trou, en die aanstelling van 'n testateur (Robinson, 2000: 69). Beide ouers het gelyke reg tot voogdyskap van die minderjarige kind en indien uitsluitlike voogdy of alleenvoogdy met egskeiding nie spesifiek aan die versorgende (bewarende) ouer toegestaan word nie, word dit aanvaar dat beide ouers steeds hierdie gelyke reg sal beoefen (Robinson, 2000: 72).

Een van die ouers verkry die verantwoordelikheid vir die sorg (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind terwyl die nie-versorgende ouer die reg tot redelike kontak (toegang) met die kind het ten einde die verhouding tussen die kind en die nie-versorgende ouer te behou (Robinson, 2000: 84-85; Benokraitis, 2005: 440). Die versorgende aspekte (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind na egskeiding is 'n hofbeslissing en as sodanig ontwikkel dit dikwels in 'n stryd tussen die skeidende ouers ter wille van gunstiger onderhandelinge aangaande onderhoudsaspekte (Winner, 1996; Benokraitis, 2005: 440).

Die individue van die ouer-subsisteem se verantwoordelikheid ten opsigte van en verhouding met die minderjarige kind word nie met die egskeiding beëindig nie.

- *Emosionele en psigiese impak*

In die meerderheid egskeidingsgedinge word die sorg (bewaring) van die minderjarige kind aan die moeder toegestaan met die reg van redelike kontak (toegang) met die kind aan die vader (Cherlin, 2002: 417). Egskeiding beteken dat beide ouers 'n nuwe enkelouer-gesinsisteem met die kind vorm, alhoewel die kontak met die nie-versorgende ouer hoofsaaklik uit besoeke gedurende naweke en vakansietye bestaan.

Die verantwoordelikheid vir die daaglikse opvoeding, versorging, leiding en ontwikkeling van die minderjarige kind berus na die egskeiding hoofsaaklik by die versorgende (bewarende) ouer. Hierdie verantwoordelikheid wat voorheen tussen die twee ouers in een huishouding gedeel was, word na die egskeiding primêr aan een van die ouers oorgelaat wat emosioneel en psigies ’n intense addisionele lading vir die ouer meebring. Die versorgende (bewarende) ouer is dikwels oorbelaai, geïrriteerd, onsensitief vir die kind se behoeftes en minder warm en liefdevol terwyl dissiplinering ook inkonsekwent plaasvind (Gerdes et al., 2003: 568). Die nie-versorgende ouer ervaar dikwels skuldgevoelens ten opsigte van die minderjarige kind wat tot oorkompensasie lei, veral ten opsigte van die dissiplinering en materiële voorsiening aan die kind (Gerdes et al., 2003: 568).

’n Verskil in opvoedingstyle en verwagtinge wat die ouers van die minderjarige kind koester, kan tot ’n bron van konflik tussen die ouers ontwikkel wat nadelig is vir die kind. Vir een van die ouers kan ’n religieuse opvoeding, wat gereelde bywoning van en inskakeling by aksies van die religieuse subsisteem insluit, baie belangrik wees terwyl die ander ouer dit nie as belangrik ag nie. Sodoende kan ’n leefwyse van verskillende standaarde aan die kind voorgehou word.

Die nie-versorgende ouer ervaar dikwels na die egskeiding frustrasie in pogings om kontak met die minderjarige kind te behou en voel uitgesluit uit die kind se ontwikkeling en opvoeding en verloor die kontinue interaksie met die kind (Gerdes et al., 2003: 568). Probleme met die kontak (toegang) met die minderjarige kind dien ook as bron van konflik tussen die geskeide ouers en plaas die kind in die middel van die stryd.

Die ekonomiese eise wat die sorg (bewaring) en versorging van die minderjarige kind aan die versorgende (bewarende) ouer stel, is dikwels veeleisend en dra verder by tot die emosionele uitputting van die ouer.

- *Ekonomiese en finansiële veranderinge*

Die versorgende (bewarende) ouer beleef die finansiële las van die daaglikse versorging van die minderjarige kind wat voor die egskeiding in die normale gang van die huishouding hanteer was. Die versorgende (bewarende) ouer ondervind dikwels ekonomiese probleme weens

finansiële tekorte (Gerdes et al., 2003: 568). Moeders is hoofsaaklik die versorgende ouer van minderjarige kinders en al word ’n onderhoudsbevel ten opsigte van die minderjarige kind toegestaan, wissel die nakoming van sodanige bevel deur nie-versorgende vaders aansienlik (Benokraitis, 2005: 442). Die grootste persentasie nie-versorgende (-bewarende) vaders kom egter nie die bevel na nie en feitlik die helfte van nie-versorgende (-bewarende) vaders het nooit enige kontak met die minderjarige kind of dra enigsins finansieel tot die versorging van die kind by nie (Benokraitis, 2005: 442). Dit word bereken dat die moeder as die versorgende (bewarende) ouer grootliks meer in armoede verkeer as die vader as nie-versorgende ouer (Benokraitis, 2005: 442).

Die versorgingsaspekte (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind in egskeiding is ’n netelige saak, maar die onderhoud van die minderjarige kind is onbestendig en het negatiewe langtermyngevolge vir die kind (Benokraitis, 2005: 442).

Die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind as individu in die gesinsisteem word vervolgens bespreek.

### 5.5.1.3 Implikasies van egskeiding vir die minderjarige kindsisteem

Dit kan aanvaar word dat minstens een van die ouers, naamlik die inisieerder van die egskeiding, se welstand deur die egskeiding bevorder word terwyl die minderjarige kind geen keuse in die egskeiding van die ouers het nie. Die minderjarige kind word deur die ouers se egskeiding met verreikende veranderinge gekonfronteer wat na alle verwagtinge die kind se welstand moet benadeel. Hierdie stressors is naamlik die verlies van die teenwoordigheid van een van die ouers in die huis, ’n intense emosionele aanpassingsproses by die nuwe omstandighede, dikwels voortslepende konflik tussen die ouers asook die gevolge van ’n aansienlike daling in gesinsinkomste (Cherlin, 2002: 439).

- *Fisieke, emosionele en psigiese impak*

- *Krisistydperk*

Chase-Lansdale en Hetherington, twee sielkundiges (Cherlin, 2002: 439), identifiseer die eerste jaar tot twee jaar na die ouers se egskeiding as die krisistydperk waartydens die minderjarige kind sowel as die versorgende (bewarende) ouer die aanpassing by die veranderde omstandighede besonder moeilik vind.

Die kind reageer op die verminderde ouerskap wat gedurende hierdie tydperk ondervind word weens die verlies van een ouer uit die huishouding sowel as die afgetakelde emosionele welstand van die versorgende (bewarende) ouer (Pritchard, 1998: 234-236; Cherlin, 2002: 440). Die minderjarige kind ervaar dikwels gevoelens van woede, misnoeë, hartseer en skuld jeens die ouers weens die egskeiding en hierdie gevoelens kan in psigosomatiese simptome soos maagpyn, slaap- of eetsteurnisse, aggressie of selfs dwelmmisbruik manifesteer (Benokraitis, 2005: 447). Daar kan afname in akademiese prestasie op skool voorkom, gedragsprobleme soos wegloop van die huis of skool, lae selfbeeld en selfs langtermyn-gesondheidsprobleme (Devall et al., 1986 en Furstenberg & Kiernan, 2001 in Benokraitis, 2005: 447).

- *Verlies van een ouer*

Die implikasies van die verlies van een ouer uit die huishouding word bepaal deur die kwaliteit van ouerskap wat deur die bepaalde ouer uitgeoefen is. Indien die ouer aggressiewe gedrag in die huis gehandhaaf het of daar voortdurend konflik tussen die ouers bestaan het, is die verlies aan sodanige ouer meer positief (Benokraitis, 2005: 446).

Die nie-versorgende (bewarende) ouer kan egter ’n groot bydrae lewer tot die opvoeding en emosionele welstand van die minderjarige kind deur ’n hegte verhouding met die kind in stand te hou deur gereelde kontak, bystand met probleme, leiding en bied van struktuur. Sodanige insette ontwikkel ’n hegte verhouding tussen ouer en kind (Amato & Gilbreth, 1999 in Benokraitis, 2005: 447).

- *Voortslepende ouerlike konflik*

  Die voortslepende konflik tussen die ouers na die egskeiding, wat dikwels aspekte van die sorg (bewaringsaspekte) of finansies behels, het ’n negatiewe invloed op die minderjarige kind wat in gedragsprobleme by die skool en in die gemeenskap manifesteer (Benokraitis, 2005: 448). Die voortdurende konflik tussen die ouers beïnvloed die kind se persepsie van die gesinslewe negatief en kan ’n negatiewe houding ten opsigte van die huwelik aan die kind oordra (Axinn & Thornton, 1996 in Benokraitis, 2005: 448).

- *Veelvuldige veranderinge*

  Die minderjarige kind se gesonde ontwikkeling word aan risiko blootgestel deur die veelvuldige veranderinge waarby die kind na die egskeiding moet aanpas. Die moeder en kind moet dikwels van woning verander, aangesien die gemeenskaplike woning dikwels na die egskeiding verkoop word. Dit bring gewoonlik ’n verandering van gemeenskap en skool mee wat nuwe vriende beteken (Pritchard, 1998: 234-236; Cherlin, 2002: 441; Benokraitis, 2005: 448).

- *Ekonomiese en finansiële implikasies*

  Die minderjarige kind se materiële en opvoedkundige welstand word ernstig deur die ouers se egskeiding bedreig, aangesien die moeder in meer as 80% van die gevalle die versorgende (bewarende) ouer word met ’n onmiddellike verlies aan die vader se inkomste (Cherlin, 2002: 436). Die gemeenskaplike woning word dikwels as deel van die skikkingsooreenkoms verkoop ten einde skuld te delg óf die opbrengs te verdeel. Dit beteken die kind en enkelouer moet goedkoper behuising bekom wat dikwels in meer gevaarlike gemeenskappe bestaan (South et al. in Benokraitis, 2005: 448). Die minderjarige kind en versorgende (bewarende) moeder ontvang in 50% van die gevalle geen finansiële onderhoud van die vader nie omdat die vader nie onderhoud wil bydra nie of soms omdat hy nie daartoe in staat is nie. ’n Baie siniese stelling word soos volg gemaak: “In fact, two-thirds of noncustodial fathers spend more on car payments than they do for child support” (Kitson & Holmes, 1992 in Benokraitis, 2005: 442).

Die resultaat is naamlik dat die minderjarige kind in die meeste gevalle ná egskeiding in 'n enkelouer-gesinsisteem geplaas word waarvan die inkomste aansienlik gedaal het. Die minderjarige kind word dus met 'n laer lewenstandaard gekonfronteer (Pritchard, 1998: 234-236; Benokraitis, 1999: 435; Cherlin, 2002: 436-437).

Dit is die kumulatiewe effek van die ekonomiese probleme wat die toekoms van die minderjarige kind negatief beïnvloed. Indien die kind se skoolloopbaan weens 'n tekort aan fondse beëindig moet word, duur die agterstand gewoonlik deur die res van die kind se lewe voort. Sodoende word die kind se opvoedkundige ontwikkeling, werkstatus, inkomste en ekonomiese welstand benadeel. Daar is bevind dat persone met 'n opvoedkundige agterstand en ekonomiese swaarkry as volwassenes meer tot geestesiektes soos depressie geneig is en dikwels ongelukkige interpersoonlike verhoudings ervaar (Pritchard, 1998: 234-236; Chase-Lansdale et al., 1995 in Benokraitis, 2005: 448).

Pritchard (1998: 236) beklemtoon verder die geleentheid tot persoonlike groei wat deur egskeiding gebied word soos volg: "Although divorce places children and parents at risk for encountering new challenges and multiple life stressors, it can also offer opportunities for personal growth, more gratifying relationships, and a more harmonious family situation." Egskeiding kan vir kinders verligting bring uit 'n situasie waar baie ouerlike konflik en bakleiery plaasgevind het.

Die voorafgaande bespreking van die implikasie van egskeiding vir die individu as subsisteem in die gesinsisteem is afgesluit met die verwysing na die impak vir die minderjarige kind as individuele subsisteem.

Die bespreking van die sistemiese impak van egskeiding word voorts uitgebrei met die hantering van die implikasie vir die gesinsisteem wat opgevolg word met verwysing na die impak vir die gemeenskapsisteem.

### *5.5.2 Implikasie van egskeiding vir die gesinsisteem*

Die implikasie vir die gesinsisteem kan soos volg saamgevat word: "The challenge for the family systems becomes one of reorganization rather than dismantling" (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 341).

Vir die meeste gesinsisteme beteken die egskeiding nie die einde van verandering nie. ’n Beduidende aantal geskeide persone trou weer en dit is reeds gestel dat die moontlikheid van egskeiding vir tweede en verdere huwelike selfs hoër is as vir eerste huwelike sodat opvolgende egskeidings baie waarskynlik is (Cherlin, 2002: 417; Louw et al., 2003: 361; Lauer & Lauer, 2006: 349).

Die veranderinge wat in die geskeide gesinsisteem plaasvind, behels die volgende (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 417):

- Gesinsreëls en -patrone wat verander, aangesien die bestaande wyse van funksionering ten opsigte van gewoontes en roetine van die daaglikse lewe nie meer geld nie. Die fisieke verandering van woning gaan dikwels gepaard met die funksioneringsverandering.
- Lidmaatskap van die gesinsisteem verander deurdat die ouers voortaan elk ’n enkelouer-gesinsisteem ontwikkel met die moontlikheid van die toetrede van nuwe lede in die gesin in die vorm van ’n nuwe maat en sy of haar familie. Sibbe kan moontlik na die egskeiding tussen die ouers verdeel wees en is dus van mekaar geskei. Kinders wat reeds die huis verlaat het, kan moontlik terugkeer om met die versorging van ander kinders te help of finansieel die las te verlig deur die koste van verblyf te deel. Een of beide van die nuwe enkelouer-gesinsisteme woon dikwels aanvanklik as voorlopige maatreël by die grootouers.
- Grense in die gesinsisteem verander deur die verandering van lidmaatskap en die toevoeging van nuwe lede. Die hiërargiese struktuur in die gesinsisteem verander en twee nuwe verskillende strukture word in elk van die enkelouer-gesinsisteme gevestig.
- Verhoudings met elke ander subsisteem word deur die egskeiding beïnvloed.

Familielede verdeel dikwels lojaliteit tussen die twee gesinsisteme, vriende verander en werk, skool en gemeenskap kan ook weens verhuising verander. Hierdie veranderinge ondermyn die gesinsisteem se ondersteuningsisteme waardeur addisionele stres by die hantering van die oorgang gevoeg word.

Egskeiding beteken slegs dat die huweliksverhouding misluk het. Die gesinsbande duur na die egskeiding voort en die belang van volgehoue kontak tussen die kind en die nie-versorgende (bewarende) ouer word algemeen beklemtoon (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 54; Louw et al., 2003: 361; Pryor & Trinder, 2004: 330). Dit is beide ouers se verantwoordelikheid

om na die egskeiding die verhouding met die kind te behou en te ontwikkel. Indien die nie-versorgende ouer afwesig is, sal die kind uiteindelik by die verandering aanpas, maar dit beteken nie dat dit aanvaarbaar is nie (Mott et al. in Benokraitis, 2005: 446). Dit is die navorser se mening dat die kind geen ander keuse in sodanige omstandighede het as om dit te aanvaar en daarby aan te pas nie.

Die implikasie van egskeiding vir die gesinsisteem kan dus verdeel word in strukturele en ondersteunende komponente waar die samestelling (struktuur) van die gesinsisteem na egskeiding drasties verander en daar geen formele ondersteuningsisteme in die gemeenskap vir hierdie gesinsisteme beskikbaar is nie (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 341-342; Lauer & Lauer, 2006: 348-349).

Dit word bereken dat die persentasie enkelouer-gesinsisteme in die toekoms aansienlik sal styg en dat gesinsisteme van verskillende strukture in vorm en aantal sal verhoog (Benokraitis, 2005: 515). Dit word soos volg gestel: "We will probably see more households that are multigenerational and composed of unrelated adults and more stepfamilies with his, her, and their children." Hierdie twee aspekte van onstabiliteit en verskeidenheid bestaan in konteks-te wat tot die deurlopendheid daarvan bydra. Pryor en Trinder (2004: 322) verduidelik dit soos volg: "… they represent the often creative efforts by individuals to adapt to social and economic change."

Die gesinsisteem word steeds beskou as die primêre groep waar die individu die versorging, liefde en emosionele instandhouding ontvang wat nodig is vir die mens se geluk, gesondheid en produktiwiteit (Benokraitis, 2005: 516). Die implikasies van egskeiding vir die gesinsisteem het derhalwe ook 'n invloed op die gemeenskapsisteem en die wisselwerkende effek van hier-die interaksie behoort ondersoek te word ten einde ondersteunende sisteme vir die gesinsisteem in die gemeenskap te vestig.

Die bespreking word voorts gewy aan die implikasie van egskeiding vir die gemeenskapsisteem as derde aspek van die gedeelte wat handel oor die sis-temiese impak van egskeiding as maatskaplike probleem.

### *5.5.3 Implikasie van egskeiding vir die gemeenskapsisteem*

Uit die voorafgaande bespreking van die sistemiese impak van egskeiding is die implikasies vir die individuele subsisteme sowel as die gesinsisteem bestudeer.

Die interverbintenis tussen subsisteme bevestig dat die egskeiding van 'n gesinsisteem 'n invloed sal uitoefen op elke ander sisteem waarvan dit deel vorm.

#### 5.5.3.1 Impak van egskeiding op verhoudings met ander sisteme

- *Die uitgebreide familiesisteem*

  Die grootouersisteem asook ander familielede soos broers of susters van die egskeidende ouers is gewoonlik die gesin se ondersteuningsisteem. Die herdefiniëring van die gesinsisteem betrek lede van die uitgebreide familiesisteem as plaasvervangers vir 'n afwesige gesinslid (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 340). Sommige familielede mag simpatiek en ondersteunend wees terwyl ander teleurgesteld en afkeurend kan wees en hulleself aan die geskeide persone onttrek (Saxton, 1996: 432).

  Rekonstruksie van die enkelouer-gesinsisteme plaas die uitgebreide familiesisteem dikwels in 'n posisie van gedeelde lojaliteit tussen die gesinsisteme wat ook verminderde kontak met die minderjarige kind vir een van die uitgebreide familiesisteme kan beteken. Die verhoudings tussen die lede van die geskeide gesinsisteem en die uitgebreide familie word dikwels verswak weens afwesigheid van kontak na egskeiding en veral deur rekonstruksie van 'n stieffamilie (Louw et al., 2003: 361).

- *Vriendesisteem*

  Vriendskappe verander na egskeiding weens die verhuising van 'n geskeide persoon, maar hoofsaaklik weens die veranderde situasie, en dit is veral die verhouding met getroude vriende wat geleidelik vervaag (Saxton, 1996: 432). Dit bring dikwels ook 'n gevoel van verlies en 'n gevoel van stigmatisering vir die geskeide persoon mee. Veral die minderjarige kind moet dikwels ná verhuising nuwe maats vind. Nuwe vriende moet

dus gevind en vriendskappe ontwikkel word; iets wat nie oornag gebeur nie.

- *Werk- en skoolsisteem*

  Wanneer egskeiding verhuising van een of beide die volwassenes noodsaak, bring dit verandering in werksituasie vir die volwassene en skoolomstandighede vir die minderjarige kind mee. Daar ontstaan dus 'n verlies aan 'n werknemer by die werksisteem en terselfdertyd 'n verlies aan 'n bekende werkomgewing en -sekuriteit vir die geskeide persoon as werknemer.

  Die egskeidingsproses gaan soos vooraf bespreek in afdeling 5.5.1. met intense fisieke, emosionele en psigiese implikasies vir die individu as subsisteem gepaard wat afwesigheid, siekte, afgetrokkenheid en gebrekkige konsentrasie by die werk kan meebring.

#### 5.5.3.2 Ekonomiese en finansiële impak van egskeiding op die gemeenskapsisteem

Uit die voorafgaande bespreking van die ekonomiese gevolge van egskeiding vir die individu as subsisteem blyk die finansiële druk wat op hierdie hergekonstrueerde enkelouer-gesinne geplaas word duidelik. Die "afwesige nie-versorgende (bewarende) vader"-tendens verhoog die finansiële las vir die versorgende (bewarende) moeder en skep 'n ekonomiese vraagstuk in terme van groot getalle minderjarige kinders wat in armoede leef en grootword. Die uitdaging vir gemeenskapsisteme is naamlik om sisteme in plek te kry ten einde hierdie egskeiding-armoede-vraagstuk aan te spreek. Die implikasies vir die opvoeding van die kind op die lang termyn is uitgewys in afdeling 5.5.1.3 en oplossings in die verband behoort ondersoek te word.

Die fisieke versorging van die minderjarige kind in die afwesigheid van die werkende ouer skep 'n finansiële sowel as maatskaplike probleem vir die enkelouer-gesinsisteem terwyl werkverkryging vir veral die enkelmoeder moeiliker blyk te wees (Benokraitis, 2005: 517).

Lauer (1998: 460, 467) bespreek die impak van egskeiding op die gesondheid van die gemeenskapsisteem vanweë veral die geestesgesondheidspro-

bleme wat individue in egskeiding ontwikkel, soos depressie, selfmoordneigings, alkoholisme en liggaamlike siektes.

## *5.6 SLOTSOM*

> When problems arise in the family, they arise in the group that is important to our well-being that provides most of us with important emotional support, and that is of central importance to our life satisfaction and happiness (Lauer & Lauer, 2006: 348).

Bogenoemde stelling beklemtoon die feit dat die gesinsisteem se funksionering van kernbelang is vir al die lede daarvan. Wanneer die funksionering binne die gesinsisteem problematies word, word al die subsisteme se lewenskwaliteit beïnvloed (Lauer & Lauer, 2006: 348).

Dit blyk uit die bespreking van egskeiding as maatskaplike probleem dat dit nie meer die norm is dat 'n minderjarige kind die kinderjare noodwendig in een huishouding met beide wettige biologiese ouers sal deurbring nie (Pryor & Trinder, 2004: 335). Na egskeiding blyk die mees algemene reëling te wees dat die minderjarige kind by die moeder as versorgende (bewarende) ouer leef en die vader as nie-versorgende (-bewarende) ouer besoek. Dit blyk egter verder dat die vader as nie-versorgende ouer in die meeste gevalle nie kontak met die kind behou of die kind finansieel of fisiek help versorg nie (Pryor & Trinder, 2004: 335; Benokraitis, 2005: 517). Egskeiding het 'n sistemiese impak op al die lede van die gesinsisteem asook vir die subsisteme in die gemeenskapsisteem waarvan die gesin deel vorm. Amato (2000: 14-15) bevestig uit navorsing dat die volwasse individue sowel as die kinders uit geskeide gesinsisteme se algemene welstand laer is as die individue uit getroude gesinsisteme.

Die beskouing van egskeiding as maatskaplike probleem word erken ten spyte van die alternatiewe siening dat egskeiding positiewe implikasies vir die gesinslede inhou. Die wêreldtendens dat byna die helfte van huwelike in veral die geïndustrialiseerde gemeenskappe in egskeiding eindig, beteken dat die noodsaaklikheid voortdurend sal bestaan om die ontbinding van die huwelik en die implikasies daarvan vir die individuele subsisteme sowel as die gemeenskapsisteem te verstaan en te monitor (Amato, 2000: 15).

Pryor en Trinder (2004: 335-336) wys daarop dat die struktuur van huishoudings en egskeiding op sigself die implikasies vir die volwasse individue sowel as die minderjarige kind slegs gedeeltelik verduidelik terwyl die prosesse betrokke, die diverse ondervinding asook die betekenis daarvan vir die gesinslede van groter belang vir begrip van die probleem is.

Morgan (1996 in Pryor & Trinder, 2004: 335) stel voor dat gesin ("family") as werkwoord behoort gebruik te word, naamlik in die volgende sin: "… we 'do' family as a set of social practices, rather than being family in a static sense." Met so 'n beskouing kan die aandag gevestig word op wat tot optimale aanpassing kan lei en watter komponente in die gesins- en gemeenskapsfunksionering stabiliteit vir gesinsisteme kan bevorder.

Die toekomsperspektief wat Pryor en Trinder (2004: 336) bied, sluit hierdie hoofstuk oor die bespreking van egskeiding as maatskaplike probleem af: "Our task, then, is to understand those aspects of families that, regardless of structure, promote resilience and adaptability. This means … taking a stronger focus on processes in families and on meanings of transitions for individuals."

In hierdie studie is die fokus geplaas op die ondersoek na die belange van die minderjarige kind in egskeiding ten einde die beginsel van die beste belang van die kind in egskeidingsevaluering te kan bevorder. Vir die doeleindes hiervan word die belange van die minderjarige kind in die volgende hoofstuk beskryf.